Wanneer het jy daar aangesluit?--- In 1959.

Watter maand van 1959? -- Ek onthou nie die maand nie.

Kan jy 'n aanduiding gee, in die middel of teen die einde? --- Dit was in die middel van die jaar.

Het die Volunteer Corps uit 'n aantal persone bestaan, 'n beperkte aantal of 'n onbeperkte aantal? --- Indien jy wou aansluit was daar geen beperking van getal nie, jy kon aansluit.

Toe jy aansluit hoeveel persone was daar, was daar enige persone reeds in die Volunteer Corps of was jy die eerste persoon? --- Daar was alreeds mense in gewees.

Ongeveer hoeveel was daar toe jy aangesluit het? --- Ek kan nie sê wat die getal was nie.

Kan jy nie 'n aanduiding gee, min of meer, hoeveel dit was nie? --- Ek kan nie sê nie, ek kan nie 'n vergelyking maak nie.

Wat was die oogmerke en doelstellings van die Volunteer Corps? --- Dis maar mense gewees om in dielegotla te praat.

Wie is die legotla? -- Die mense wat moet sprekers wees by die vergadering.

Verstaan ek jou reg dat mense wat aan die Volunteer Corps behoort moes sprekers wees by die vergadering? --- Nee, hulle was nie die sprekers nie, hulle moes teenwoordig gewees het, die Volunteer Corps op die vergadering, wanneer daar moeilikheid opdaag van enige iemand of iemand met die Polisie inmeng dan kom hulle tussenby en maak dit reg.

Ek wil net duidelikheid dan kry. Was die plig van die Volunteer Corps dan om op vergaderings teenwoordig te wees en dan probleme op te los indien dit opduik? --- Hulle was net daar om die orde te herstel indien daar iets onwettig opdaag, en te help om dit dan te verwyder.

Op watter vergaderings moes die Volunteer Corps altyd wees? --- Publieke vergaderings.

Ja, maar publieke vergaderings van watter organisasie? --- Van die A.N.C.

En het jy nou as lid van die Volunteer Corps enige vergaderings van die A.N.C. bygewoon? --- Ja.

Van dat jy aangesluit hettotdat jy opgehou het, ongeveer hoeveel vergaderings het jy bygewoon? --- Baie van die vergaderings.

Kan jy die hof 'n aanduiding gee hoeveel vergaderings? --- Voor dit verban is of na dit verban is?

Nee, ek vra mos van dat jy aangesluit het tot tyd en wyl jy nou nie meer gegaan het nie? --- Baie, ek weet nie hoeveel nie.

Was lede van die Volunteer Corps ook almal lede van die A.N.C.? --- Ja.

Ja, maar 'n persoon wat nou elke maand 1/- betaal vir die A.N.C. moes hy iets betaal het om te behoort aan die Volunteer Corps? --- Nee, vir die Volunteer Corps betaal jy niks, net as jy lid is van die A.N.C.

En die dienste van die Volunteer Corps, as hulle die vergaderings van die A.N.C. bywoon, word hulle betaal daarvoor? --- Nee, hulle word nie betaal nie.

Maar waarvandaan het die Volunteer Corps hulle instruksies ontvang? --- Van ons Chairman.

Wie was die Chairman? Die voorsitter van die Volunteer Corps vir watter area? --- Pretoria.

Maar jy sê Pretoria sluit nou al hierdie plekke in wat jy genoem het, Lady Selborne, Eastwood en Vlakfontein? --- Was - ek was die chairman van Lady Selborne.

En het elke ander aparte Volunteer Corps sy eie voorsitter gehad? --- Ja, jy moet een hê.

Wie was die voorsitter van die Volunteer Corps van Atteridgeville - Pelindaba? --- Daar weet ek nie wie dit was nie.

Eastwood en Vlakfontein? --- Ek weet ook nie.

Het jy enige instruksies van ander persone ontvang? --- Pieter Magano was die hoof van die Transvaal.

Is dit beskuldigde no. 1? --- Beskuldigde no. 1.

Van wanneer af was beskuldigde no. 1 hoof van die Volunteer Corps van Transvaal? --- Van 1959.

Het hy 'n besondere naam gehad as hoof van al die takke? --- Hy was die Chief.

Is dit wat julle hom genoem het? --- Dit is hoe ons hom genoem het, die Chief.

Het julle in die African National Congress ook 'n chief gehad? --- Dit is mos die A.N.C.

Ja, maar soos ek van jou verstaan die Volunteer Corps het net 'n spesefieke werk en dit is om orde te handhaaf, nou al die ander verrigtinge van die A.N.C., het hulle ook 'n Chief gehad? --- Daar is 'n Chairman daarvoor.

Chairman van watter gebied? --- Lady Selborne.

En was daar ook voorsitters van die ander lokasies, Atteridgeville, Eastwood en Vlakfontein? --- Enige plek het 'n voorsitter.

Wie was die Voorsitter van Lady Selborne? --- Dit was ek.

Ekwil dit net duidelik kry, is dit dan die geval dat die voorsitter van die Volunteer Corps ook die Vooristter van die A.N.C. van daardie plek is? --- Ja.

En as jy nou Chief is van al die Volunteer Corps van Noord-Transvaal, wat nou bo is, wat die Chief is van al die Volunteer Corps? --- Ja.

Wat is sy posisie in die A.N.C. van Noord-Transvaal? --- Die A.N.C. is mos een en dieselfde ding as die Volunteers.

Wat was die funksie van beskuldigde no. 1 as Chief van die Volunteer Corps? --- Ek sê hy was die Chief.

Nee, ek het dit gehoor, maar wat ek van jou wil weet,

het hy nou enigiets gedoen in die hoedanigheid as die hoof van die Volunteer Corps? --- Daar is niks wat hy gedoen het nie, behalwe dat hy die hoof was van die vergadering verder het hy niks gedoen nie.

Die hoof van watter vergadering? --- Van die Volunteers.

Was hy altyd teenwoordig op alle vergaderings van die Volunteers? --- Hy was nie altyd teenwoordig nie.

Wie het nou vir beskuldigde no. 1 gekies as die hoof van die Volunteers? --- Ons het hom gekies.

Wie is ons? --- Die mense wat daar teenwoordig was.

Wie was julle en waar was julle teenwoordig, wanneer was dit? --- Hy was gekies in 1959 op Lady Selborne.

Waar in Lady Selborne?--- Ons was daar by die saal gewees.

Watter saal was dit gewees? --- Bantoe Hall, Banote-saal.

Watse Bantoesaal is dit? --- Die mense se saal.

Ja, maar is dit nou 'n saal van die Stadsraad by die Bantoe-biersaal, of by die hoërskool daar? --- Enigiets was in daardie saal gedoen, sans en so aan voort.

Aan wie behoort daardie saal? --- Tswene.

Wie is Tswene? --- Ek ken nie sy naam nie, ek ken hom sy van is Tswene.

En waar woon hy? --- Hy bly in Lady Selborne.

Ken jy sy adres? --- Ek ken nie sy adres nie.

Het hy enigiets te doen gehad met die A.N.C.? --- Nee, daar is niks wat hy gedoen het in verband met die A.N.C. nie, hy het alleenlik net die saal verhuur.

Moet jy lid wees van 'n organisasie voordat jy kan stem vir die kies van die hoof van 'n Volunteer Corps, moet jy nou lid wees van die A.N.C. om 'n persoon te kan verkies of te stem tot sy keuse? --- Ja, jy moet 'n lid wees.

Al die mense wat die aand op die vergadering was wat gestem het en beskuldigde no. 1 gekies het, hoeveel was

hulle gewees? --- Hulle was baie mense, ek weet nie hoeveel nie.

Was daar enige van hulle wat jy geken het as lede van die A.N.C.? --- Ek ken hulle nie, dit was net kort dat ek aangesluit het.

Is Aaron Pooe aan jou bekend? --- Hy is Poa, ek ken hom .

Het jy enige posisie verbonde aan die A.N.C.? --- Hy is die Chairman.

Van wat? --- Van die A.N.C.

Ja, maar van watter afdeling nou? --- Lady Selborne.

Ek weet nie of ek jou verkeerd verstaan het dat jy gesê het jy is ook hoof of voorsitter van Lady Selborne nie - is daar meer as een voorsitter van Lady Selborne? --- Hy was verban.

Verban waarheen? --- Toe het ek sy plek oorgeneem toe hy verban is.

Het hy weggegaan van Pretoria? --- Hy is verban om enige vergaderings toe te spreek, hy is nog hier in Pretoria.

Dan gebruik jy die woord verkeerd, was hy beperk om enige vergaderings toe te spreek? --- Hy was verbied om vergaderings toe te spreek.

Wanneer was dit gewees? --- Ek weet nie, dis lank.

En is jy toe as voorsitter gekies nadat hy verbied is? --- Ja, ek was gekies na hy uit is.

Wanneer is jy gekies tot voorsitter nadat hy beperk is? --- In 1959.

Hierdie Aaron Poa, van wanneer tot wanneer was hy dan die vooristter van Lady Selborne? --- Ek weet nie van wanneer tot wanneer hy die voorsitter was nie.

Was daar 'n tydsverloop van die stadium wat hy verbied was tot tyd en wyl jy aangestel is of het jy onmiddellik oorgeneem? --- Ek weet nie, ek was maar net daar aangestel.

Het jy enige vergaderings saam methom voorgesit? --- Nee. Nadat jy losgelaat was in Augustus 1960, het jy na jou ouerhuis teruggegaan? --- Ja.

Hoelank het jy daar gebly? --- 'n Maand.

Het jy toe weer teruggekom na Lady Selborne of waarheen is jy toe? --- Ek het weer teruggekom na Lady Selborne toe.

Na dieselfde plek waar jy gebly het of na 'n ander plek? --- Ja, weer dieselfde plek waar ek gebly het.

Kort nadat jy aangekom het te Lady Selborne het jy enige briewe of kommunikasies ontvang van enige persoon? --- Ek het briewe ontvang.

In verband met die A.N.C.? --- Nee, nie van die A.N.C.

In verband met bywoning van vergaderings? --- Ja.

Was die brief onderteken wat jy gekry het, in verband met vergaderings? --- Dis is met die hand geskryf en nie geteken nie.

Het jy die handskrif geken? --- Nee, ek het nie geweet wie se handskrif is dit nie.

En het die brief gesê waar die vergaderings gehou sal word en watter tyd? --- Nee, hy het net gesê waar ek hulle sal ontmoet, by die hoek van Kerk- en Beatrixstrate.

Het dit gesê watter dag en watter tyd? --- Die tyd was 6-uur.

Ja, maar het dit gesê watter dag? --- Woensdag.

Die Woensdag van dieselfde week as wat jy die brief ontvang het of 'n ander Woensdag? --- In 'n ander week, Woensdag van 'n ander week.

Watter week nou van dat jy die brief ontvang het? --- Die brief op Dinsdag ontvang en die brief het melding gemaak van die byeenkoms op Woensdag.

Ja, maar van die opvolgende week of van watter week dan? --- Die volgende week.

En het jy toe gegaan in antwoord op die brief? --- Ek het gegaan.

Hoelaat het jy daar aangekom by die hoek van Beatrix- en Kerkstrate, Pretoria? --- Ek het nie gekyk hoelaat dit was nie.

Was dit al donker of het die son nog geskyn? --- Die son het nog geskyn.

En het jy enige mense daar aangetref? --- Ja.

Wie was hulle gewees? --- Cleophas Marupa, Mabunda, Ngwenya.

Mabunda, is dit miskien beskuldigde no. 4? --- Dit is no. 4.

Ja? -- Nchabaleng.

Beskuldigde no...? --- No. 3.

Ja? --- Ander mans, ek ken hulle nie, van Vlakfontein.

Die wat jy nie geken het nie, is dit een van die beskuldigdes voor die hof? --- Nee, die wat ek nie geken het nie is nie een van hulle voor die hof nie.

Hoeveel was daar gewees? --- Ek het hulle nie getel nie, dit was ek, Moropo, Ngwenya, Nchabaleng, Mabunda, en Topa en die ander ken ek nie,

DEUR HOF : Wie is hierdie Ngwenya wat jy van praat? --- Beskuldigde no. 6.

DEUR AANKLAER : En toe jy nou daar kom by hulle? --- Ons het niks gepraat nie, ons het vir Nkadimeng gewag, John Nkadimeng en hy het nie opgedaag nie.

Hoekom het julle vir hom gewag? --- Dit is hy wat ons wou ontmoet omtrent die Trade Union.

Het dit gestaan in die brief, in verband met die Trade Union? --- Ek het dit gehoor toe ons daar gekom het, Nchabaleng is 'n lid van daardie unie.

Jy sê Nchabaleng is beskuldigde no. 3? --- Dit is no. 3.

Die Trade Union wat jy van praat, is dit miskien die wat hulle noem, die afkorting SACTU of South African Congress of Trade Unions? --- Dit is die SACTU.

No. 4, het jy hom geken as 'n lid van enige organisasie? --- Ek ken hom.

Maar het jy hom geken as lid van 'n organisasie? --- Hy

was nie 'n lid nie, van wat?

Van P.A.C. miskien, A.N.C.? --- Daarvan weet ek nie, ek kan dit nie sê nie.

Beskuldigde no. 6? --- As is 'n lid van die SACTU.

Nos. 3 en 6 was toe lede van die organisasie SACTU) ---Ja, hulle was lede van die Trade Union. Die ander weet ek nie of hulle aangesluit het of nie.

En wat moes jy daar kom maak het as lid van die A.N.C.? --- Hulle wou gehad het ek moet aansluit by die Trade Union.

Wie wou dit gehad het? --- Nkadimeng.

Beskuldigde no. 3? --- Nkadimeng is nie hier nie.

O, ekskuus, no. 4 is Nchabaleng, dit is John Nkadimeng wat jy van praat? --- John Nkadimeng, is nie hier nie.

Hoe weet jy John Nkadimeng wou gehad het jy moet aansluit? --- Hy het weer later gekom en ons het mekaar ontmoet.

Wanneer het jy John Nkadimeng vir die eerste keer ontmoet? --- Voordatdie Kongres verban is.

Ja, maar wanneer het jy hom vir die eerste keer ontmoet? --- Lankal, in 1959.

Ek hoor jy praat van Congress, was hy ook 'n lid gewees van die Congress? --- Hy was 'n lid ja, van die Congress.

Is dit 'n gebruik dat lede van die A.N.C. moet lede wees van SACTU of nie? --- Ek weet nie.

Weet jy hoekom hulle wou gehad het jy moet aansluit by SACTU? --- Ek weet nie.

Het hulle vir jou rede gegee hoekom hulle wou hê jy moet aansluit? --- Nee, hulle het nie vir my verduidelik nie.

Het jy later aangesluit as lid van SACTU? --- Ek het nie aangesluit nie.

HOF VERDAAG VIR 'N PAAR OOMBLIKKE

HOF HERVAT.

GETUIE NOG ONDER EED.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER (Voortgesit) : Het SACTU enige

kantore te Pretoria? --- Ek weet nie.

Weet jy of hulle enige kantore gehad het? --- Nee, ek weet nie.

Het jy die voorsitter van SACTU geken? --- Ek weet nie.

Weet jy of SACTU 'n voorsitter gehad het? --- Ek weet nie of hulle een gehad het nie.

BY wie het jy eerste van SACTU gehoor? --- In die koerante gelees.

Watter koerante het jy gelees? --- Enige koerant.

Ja, ek vra vir jou watter koerante het jy gelees? --- Daily Mail en Pretoria News.

Lees jy die Pretoria News dikwels? --- Ja, ek lees dit soms.

Het jy miskien in die Pretoria News gelees in verband met enige van die beskuldigdes voor die hof? --- Nee, ek het nie van hulle gelees nie.

Het jy geweet of SACTU 'n wettige of onwettige organisasie was? --- Ek weet dat dit wettig is.

Weet jy hoekom 'n naamlose brief aan jou geskryf was in verband met die byeenkoms? --- Ek weet nie.

Het jy miskien van John Nkadimeng of SACTU se verteenwoordigers uitgevind wie die brief aan jou gestuur het? --- Ek het net met Nkadimeng - ek het hom net teëgekom, hy het gesê hy soek ons.

Hoelank na die byeenkoms by Beatrix- en Kerkstrate het jy vir John Nkadimeng ontmoet? --- Ek het hom nie weer gesien na die byeenkoms in Kerkstraat nie.

Na die geleentheid het jy weer briewe ontvang? --- Ja.

In verband met die hou van vergaderings? --- Ek het weer 'n naamlose brief ontvang waarin ek versoek was, waarin gesê is dat hulle wil my sien.

Waar? --- Op dieselfde plek, op die hoek van Beatrix- en Kerkstrate.

Het die brief gesê wanneer hulle jou daar wil sien? --- Op 'n Woensdag.

Hoelank nadat jy die brief ontvang het? --- Ek het die brief op 'n Saterdag gekry en Woensdag moes ek daar wees.

Het jy toe weer na die hoek van Beatrix- en Kerkstrate gegaan? --- Nee.

Na enige ander plek in antwoord op die brief? --- Nee, ek weet nie van 'n ander plek nie.

Ja, maar wat nou van die versoek wat aan jou gerig was? --- Ek het nie gegaan nie.

Hoekom nie? --- Ek het gesien dat ek nie aan die SACTU behoort nie en dit is waarom ek nie gegaan het nie.

Ja, maar die samekoms by Beatrix- en Kerkstraat het jy weer enige vergaderings bygewoon? --- Nee. Net die een by Beatrixstraat.

Die eerste geleentheid wat jy na Beatrix- en Kerkstraat gegaan het, het John Nkadimeng opgedaag of het hy nie opgedaag nie? --- Hy het nie opgedaag die dag toe ek daarheen gegaan het nie.

Maar hoelank na die geleentheid het jy John Nkadimeng gesien? --- Dit kan twee maande wees.

Waar het jy hom gesien? --- Op die hoek van Kerk- en Beatrixstrate.

Was daar toe 'n byeenkoms gewees? --- Ja. Dit is die laaste keer wat ek hom gesien het daardie dag.

Ek wil net duidelikheid kry, was dit nou die tweede geleentheid wat jy daar op die hoek van Beatrix- en Kerkstrate gekom het? --- Ja.

Hoekom het jy by hierdie geleentheid daarheen gegaan? --- Ek wou uitvind hoe SACTU werk.

Maar hoe het jy geweet dat daar sou mense wees? --- Hulle het my mos geroep.

Wie het jou geroep? --- Die brief. Ek kan nie sê wie nie want die brief was nie geteken nie, maar dit is as gevolg van die brief wat ek gegaan het.

Was dit die tweede brief wat jy ontvang het? --- Nee, die derde een.

En toe jy daar kom, wie was almal daar? --- Ek, Mabunda, Gobo.

Mabunda, is dit beskuldigde no. 4? --- Ja.

Ja? --- Nchabaleng, Moropa.

Is Nchabaleng beskuldigde no. 3? --- No. 3.

Ja? -- Moropo en Ngwenya.

Ngwenya, is dit beskuldigde no. 6? --- No. 6.

Ja? --- Daar was nog ander ook maar ek ken nie hulle name nie.

Ongeveer hoeveel was julle daar? --- Twee ander nog. Ek het 5 opgenoem en dan die twee wat ek die name nie van ken nie, dit is sewe persone.

Jou ingesluit? --- Ja.

En was die vergaderplek binne of bite 'n gebou? --- In 'n gebou.

In watter gebou was die vergadering? --- Waar Sefoko bly.

Is dit Jack Sefoko? --- Ja.

En by die eerste geleentheid, was die vergadering by dieselfde plek? --- Ja, dieselfde plek.

Was Jack Sefoko toe teenwoordig? --- Ja.

By hierdie tweede geleentheid, hoelaat het die byeenkoms begin? --- 6-uur.

En wanneer het dit opgehou? --- Ek kan nie sê hoe laat die vergadering verdaag het nie maar ons was nie lank daar bymekaar gewees nie.

Ongeveer hoelank was julle bymekaar? --- Dit kan 7 of 8 minute wees.

Ek wil net vasstel wat die posisie was, indien julle kantore gehad het hier in Pretoria, in 'n wyk onder Pretoria, sou julle die vergaderings nog in die kamer bygewoon het of sou julle verkies het om....? --- SACTU kantore?

Ja? --- Dit kan ek nie sê nie.

On hierdie vergadering was daar enigsins dinge bespreek van die A.N.C.? --- Nee, Nchabaleng het daar net dit gesê: hy het gesê die A.N.C. is verband en "nou moet julle by SACTU aansluit.

NB

Is dit nou beskuldigde no. 3? --- Ek bedoel Nkadimeng, nie Nchabaleng nie.

Het jy gesê hoekom julle toe moet aansluit by SACTU? --- Die mense wat werk moet by SACTU aansluit want dit is daar vir die werkende mense.

En die lede wat nie werk nie, het hy gesê wat met hulle gebeur? --- Hy het nie gesê nie.

Hoe het dit gekom dat hy gesê het mense wat werk? --- Nee, ek weet nie hoe het dit gekom nie.

Is dit net John Nkadimeng wat op hierdie vergadering gepraat het? -- Nchabaleng het ook gepraat.

Beskuldigde no. 3? --- Ja.

Wat het hy gepraat? --- Hy het maar net gesekondeer wat die spreker daar gesê het, hy het gesê "Ja, dit is reg julle moet aansluit nou by SACTU".

Het hy enigiets gepraat in verband met die A.N.C. wat jy kan onthou? --- Nee.

Het enige persoon daar gepraat van 'n streekkomitee wat gestig moet word? --- Nee.

'n 7-Man komitee? --- Gesê ~~die SACTU~~ moet 7 man wees wat werk, die komitee.

Wie het so gesê? --- Nkadimeng.

Het hy gesê hoe dat die komitee saamgestel moet word? --- Nee, daardie dag het hy nie gesê nie.

En daarna? --- Nee, ek weet nie want ek was nie daar nie.

Was daar enige 7-man komitee gestig by die vergadering? --- Hulle wou 'n komitee kies daarso, ek het geweier want hulle het gesê ek moet die tesourier wees, ek het egter geweier.

Tesourier van watter komitee? --- Tesourier van die

SACTU komitee.

Het hulle gesê hoekom hulle jou wou kies?--- Nee.

Hoekom het jy geweier? --- Ek het geweier want ek het my eie werk om te doen, ek is 'n Kerkman, 'n kerkwerker.

Wat is jy van die Kerk? --- Ek is 'n Leraar.

Watter Kerk of watter geloof het jy? --- Pentecostal.

Waar is jou Kerk? --- Lady Selborne. En ook Vlakfontein.

Beskuldigde no. 1, was hy teenwoordig gewees op die vergadering daardie aand? --- Tydens die vergadering daar was beskuldigde no. 1 nie daar nie, hy het later daar gekom toe was die vergadering al klaar, hy het net ingekom en uitgegaan, hy was 'n persoon wat eintlik net op pad verby was.

Deur die kamer? --- Nie deur nie, hy het daar aangekom, hy het ingekom en uitgegaan, hy is 'n man wat op pad verby was, hy het maar net aangekom .

En toe hy in die kamer ingekom het, was julle nog in die kamer? --- Ja.

Hoelaat het hy die aand daar gekom? --- Ek het nie na die tyd gekyk nie, hy het ons maar net daar gekry terwyl ons nog daar was.

Dra jy 'n horlosie? --- Ek het 1 horlosie nou hier, daardie tyd het ek nie een gehad nie.

Hoelank nadat die vergadering begin het, het beskuldigde no. 1 daar aangekom? --- Dit was 'n lang ruk, ek weet nie hoelank nie.

Jy sê 'n lang ruk, 'n uur, half-uur? --- Dit kan van 6 tot 7 gewees het, wat die vergadering aan die gang was voordat beskuldigde no. 1 daar gekom het.

Ja, nou wil ek weet is dit ongeveer 7-uur dat beskuldigde no. 1 daar aangekom het? --- Soos ek sê die vergadering het geduur van omtrent 6 tot 7, en net daarna, ek kan nie presies sê nie, maar ek meen net daarna het beskuldigde no. 1 daar aangekom.

Het hy daar aangekom onmiddellik toe julle opgehou het of 'n tydjie nadat julle vergadering verby was? --- Hy het ingekom toe ons opstaan, net klaar was.

Het julle - net toe julle klaar is toe kom beskuldigde no. 1 in? --- Ja.

Wat doen hy toe hy inkom? --- Hy het nie gepraat nie, hy het net gegroep en stilgebly.

En toe? --- Toe, op daardie stadium het hulle aan my gesê dat ek die chairman moet wees, - jammer Edelagbare, verkeerd verstaan - op daardie stadium is gesê dat beskuldigde no. 1 die voorsitter moet wees, die Chairman.

Van SACTU? --- Van SACTU, ja.

Beskuskuldigde no. 1, het hy dit gehoor? --- Beskuldigde no. 1 het gehoor toe daar gesê is dat hy die voorsitter moet wees. Hy het egter geen kommentaar gelewer daarop nie, hy het net uitgeloop.

En is hy toe gekies as voorsitter daar? --- Ten spyte van die feit dat beskuldigde no. 1 by die deur uitgeloop het, het hulle hom nogtans gekies as die Chairman, gesê hy moet dit wees.

Het hy op enige stadium daardie aand die voorsitterstoel ingeneem? --- Nee, want hy was mos weg, geloop.

Waar het beskuldigde no. 1 daardie dag gewoon? --- Hy het daardie tyd te Lady Selborne gewoon.

Weet jy hoedat hy gehoor het of geweet het van hierdie vergaderi ng? --- Nee, ek weet nie.

Het jy geweet dat hy beperk was om vergaderings by te woon, verbied? --- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Het beskuldigde no. 1 op enige stadium soiets aan jou meegedeel of nie? --- Na hierdie voorval het ek beskuldigde no. 1 eendag teëgekom toe sê hy vir my dat die legotla, die byeenkoms, soek na my (getuie).

Het hy gesê hoekom? --- Hy het gesê hy weet nie.

En het jy geweet? --- Nee.

Maar hoekom sê hy dit dan vir jou? --- As jy

gewaarsku word om vir 'n sekere persoon, as jy hom sien, 'n boodskap oor te dra, dan moet jy dit doen, dit is waarom hy dit gedoen het aan my.

Wie se boodskap het hy oorgedra aan jou? --- Hy het nie gesê wie hom gestuur het nie.

Jy het nie geweet wie hom gestuur het nie? --- Nee.

Hoelank na die byeenkoms het beskuldigde no. 1 jou gekom en dit vir jou gesê? --- 'n Lang tyd.

Hoelank daarna? --- Dit kan 'n maand en nog weke wees.

'n Maand en hoeveel weke? --- 'n Maand en drie weke.

Het julle weer enige toekomstige vergaderings by dieselfde plek gehou? --- Ek weet nie, ek het nooit weer daarheen gegaan nie.

Ja, ek vra nou vir jouself, na hierdie geleentheid wat jy nou van vertel het, of jy weer daar was saam met ander persone? --- Nee, ek het nie weer daarheen gegaan nie.

Het jy daarna enige versoeke van beskuldigde no. 1 gekry om daarnatoe te gaan? --- Nee, hy het nie weer gekom nie.

Het jy op enige stadium daarna op enige plek saamgekom waar beskuldigdes 1, 3, 4, en 6 teenwoordig was? --- Nee.

Was jy op enige stadium daarna gekies as tesourier van SACTU? --- Nkadimeng het later by my gekom en vir my gesê : Nchabaleng, hoekom gaan jy nie na die vergadering toe hulle wil jou hê. Toe was ek reeds gekies as tesourier.

Jy praat van Nchabaleng, is dit beskuldigde no. 3? --- Ja.

By watter geleentheid was jy toe gekies as tesourier, jy het nou vertel van die laaste geleentheid wat julle bymekaar was in Jack Sefoko se kamer, was jy nou daarna gekies of by watter plek was jy gekies as tesourier? --- Ek was gekies as tesourier op dieselfde geleentheid wat ek daar was die laaste keer, by die vergadering op Kerk- en Beatrixstraat se hoek.

Toe jy beswaar gemaak het? --- Ja.

En het jy enige pligte vervul as tesourier van SACTU? --- Nee.

Hoekom nie? --- Omdat ek my eie werk het om te doen.

Het jy nie vir beskuldigde no. 1 of enige ander persoon meegedeel dat hoekom stel hy hom nie beskikbaar as tesourier, jy kan dit nie doen nie? --- Nee, ek het nie.

CROSS-EXAMINATION BY MR. HARE : I just want to have clarity on this point: these meetings that you attended on the corner of Church and Beatrix Streets, Pretoria, as far as you are concerned, were meetings of the South African Congress of Trade Unions? --- Correct, it was meetings in connection with SACTU.

Not A.N.C. meetings. And the evidence that you gave us before, in chief, about the Volunteer Corps and you were members thereof, that was evidence relating to what happened prior to the banning of the A.N.C.? --- Yes.

AANKLAER : Edelagbare, ek moet aandui dat die getuie het nie bevredigende getuienis afgelê nie, inteendeel die getuie het 'n teenstrydige beëdigde verklaring, sy getuienis in die hof is in stryd met 'n sekere beëdigde verklaring wat hy gemaak het en met verlof van die hof sal ek vra om die saak aan die beskuldigde te stel - die verklaring aan die beskuldigde te stel en ek sal vra dat die hof noteer dat die Staat nie in 'n posisie is om te onderneem om hom nie te vervolg nie.

MR. HARE: I wonder of my learned friend can do it at this stage, if he wanted to do it he had an opportunity of doing so when that evidence was given in chief, but not now. I think he must do that on another occasion, because I've never come across anything like this, in the sense that after the witness has given his evidence, the Prosecutor then asks theCourt to make a finding as to the witness's evidence. I don't think he is entitled to do it at this stage, but what I think he is trying to do now is to make Your

Worship make some finding as to the witness's credibility. At this stage I don't think he can do that. If he can I would like to hear on what authority, I am not aware of any such authority.

COURT: It's probably just for the prosecution against the witness. Do you think It is more appropriate to apply at the end of the case?

MR. HARE: If this witness has now made any statement which is contrary to any statement made to the Police, I don't think this is the proper time to put the statement to him. I don't think the Court should give a ruling at this stage.

COURT: The Court will have to give a ruling at some or other stage in any case.

MR. HARE: As Your Worship pleases.

COURT: There is only one point I am not certain of, does it matter at which stage the Prosecutor puts the previous inconsistent statement to the witness? It should actually be done in evidence in chief, but is there anything against it at this stage?

MR. HARE: Well, the way I see it is that he is now going to ask this Court to reject the evidence of the witness, and as I say the only thing that troubles me is that I am not aware of the procedure in this form.

COURT: Can we put it this way, the only application before the Court now is by the Prosecutor that this witness should not be given protection as promised him because he is not a satisfactory witness.

MR. HARE: I think he probably would be entitled to say that as far as he is concerned, he is now telling Your Worship that he is withdrawing the indemnity, because indemnity comes from the State, it doesn't come from the Court.

COURT: Perhaps we can just note it on the record that the indemnity is withdrawn at this stage then.

PROSECUTOR :That is not my intention, and I am quite convinced

that I am adopting the correct procedure and according to the Rules of Evidence my learned friend is objecting and he must now produce to Your Worship any authority for his objection against my procedure, I am not going to give it to him, but my application now before the Court is, permission by the Court to put the statement to the witness in the procedure to discredit him and also in the procedure to apply for a Warrant of Arrest.

MR. HARE: If he wants any authority I mean one must follow the proper procedure. He has questioned the witness, I have cross-examined him, and he has not re-examined the witness. Your Worship can then ask the witness any questions and then say he must go, that happens with all witnesses, of that I am certain.

PROSECUTOR: My learned friend's argument is that I should put the statement to the witness in examination in chief, but that is not correct because the witness can correctly testify in chief and then he can switch over and then give evidence in contrast as he has given in chief, and then the State is still entitled to put his statement to him. I don't know where my learned friend gets that authority from. I ask Your Worship to give the State permission to put the statement to this witness and to give the State the opportunity to discredit this witness and also, if necessary, to apply for a Warrant of Arrest.

COURT: Can you indicate to the Court why you did not, in the first stage, when you must have known that he is giving contradictory evidence to the statement in your position, why you did not then apply or put the statement to him?

PROSECUTOR : The State did not regard it necessary at that particular stage, because under cross-examination he could give some better evidence.

COURT ADJOURNS.

HOF HERVAT.

AANKLAER : Edelagbare, ek het die wetlike aspek nageslaan en om my in staat te stel om die korrekte prosedure te volg wil ek vra dat die getuie oorstaan tot more: die wetlike posisie is skynbaar sekere vrae moet stel aan die getuie in verband met sy vorige verklaring en dit aan hom stel en uitlees, en die oorspronklike verklaring is nie in my besit nie, ek het 'n getikte afskrif wat ek nie kan gebruik nie.

HOF WAARSKU GETUIE OM MORE 9-UUR DIE HOF BY TE WOON.

JOHN MOSOPYE, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER : Woon jy sedert 1945 in Pretoria?

AANKLAER : $E_d$elagbare, ek verstaan dat die versoek is dat hy nie geroep word vandag nie.

GETUIE STAAN AF.

SAAK UITGESTEL TOT 21 NOVEMBER 1963.

HOF HERVAT OP 21 NOVEMBER 1963.

STAATSAANKLAER SPREEK HOF TOE AS VOLG :

Edelagbare, ek sal graag my klag wil voor die hof plaas op grond waarvan ek nou my verklaring aan die getuie wou gestel het en ek verwys u na artikel 286 van die Strafproseswet waar dit behandel word op bladsy 429 van die Strafprosesreg. Die gaan oor die aanval en steun van die getuie se geloofwaardigheid.

(Aanklaer lees artikel voor).

Dan is hier 'n aantekening, Daar is twee maniere waarop daar kragtens hierdie artikel gehandel kan word.

Eerstens, word daar aangedui dat 'n getuie vyandig is.

Tweedens, die party wat die getuie geroep het kan handel ooreenkomstig die voorbehoud naamlik hy kan die getuie se vorige verklaring aan die getuie stel en indien hy dit erken kan hy dit voorlees aan hom, hom vrae daaroor stel en dit indien. As die getuie ontken dat hy die verklaring gedoen het is dit nodig om die geleentheid te beskrywe toe hy dit gedoen het om dit aan hom te identifiseer en om getuienis te roep dat hy dit wel gedoen het.

Die gewysdes is dan ook tot die effek dat die verklaring in enige stadium in die saak gestel kan word aan die getuie. Soos voorheen wil ek dan weer aan die hof aandui dat die getuie myns insiens 'n verklaring gemaak het in die hof onder eed wat wesenlik teenstrydig is met 'n beëdigde verklaring wat gemaak is aan die polisie. Ek vra verlof aan die hof om sekere vrae aan die getuie te stel en die verklaring aan hom te stel.

DEFENCE : The submissions I made yesterday are still the same. I never disputed the fact that my learned friend could impeach his witness if he so desired. The only submission that I made was whether it is a proper time or otherwise. I still say that the proper time to impeach a witness is when he gives his evidence in chief. Now

I have gone through the authorities and I must tell Your Worship that "I have found no authority either for or against this procedure. There is really no authority to say when a party calling his own witness can impeach his witness or not. Therefore one must go back to the ordinary rules of evidence that there are three stages in which a witness gives his statement in the witness box, then is - that is examination, cross-examination and re-examination, and that is the end of the matter and the witness must go.

Now this witness has been led in chief and cross-examined. I check up with my learned friend and he cannot say whether there will be any re-examination. But from the questions that I have put to this witness there is no scope for re-examination. Therefore I say that this witness is done with and he must go. And my learned friend had the opportunity if he wanted to impeach the witness, and he should have done so at the right stage.

But the thing which I am most concerned about is not the impeachment of this witness, but the fact is that my learned friend has gone so far yesterday as to say that he wants the Court wo withdraw the indemnity given to this witness and if necessary he would ask for a warrant of arrest for this witness. That is what he said yesterday. That is a thing which I am most concerned about, and I do object, sir, as an officer of the Court, because if witnesses are going to come here and some of them are going to be arrested, then I don't know what is going to happen. I still say as I said yesterday, with respect, that this is not the proper forum for that sort of thing. My learned friend has had plenty of opportunity to act as he sees fit, but he threatened witnesses who came into the witness box with arrest, and I don't think that is proper.

The point is this, there are again no authorities which

state when this witness's indemnity can be withdrawn or not. I have looked at the authorities and the question has been left open by the Appellate Division. One thing is certain that it is not irregular if his indemnity be withdrawn now. I don't think so. But I think the authorities that your Worship will find will reveal that ten obiter dicta, ten indicate that these indemnities are to be withdrawn at the end of the judgment.

So that is the main point that I make. If my learned friend wishes to impeach him I really say that he can't. I can't find authority either way but I think that he he wants to withdraw this witness's indemnity, he should not do it now. I can't take the matter any further.

HOF : Die hof reël dat die verklaring van die beskuldigde aan die polisie wel aan hom gestel word want dit is iets wat die hof sal moet besluit of hy wel 'n bevredigende getuie was of nie. As dit nie voor die hof gelê word nie, dan kan die hof nie besluit nie. Die hof reël dus dat die verklaring voorgelê kan word en dat hy daaromtrent kan gevra word maar die hof sal nie op hierdie stadium besluit of hy vrywaring kan verkry of nie. Dit sal op 'n later stadium geskied.

ABEL TLALI, verklaar onder eed: (Praat Sotho)
HER-ONDERVRAGING DEUR DIE AANKLAER : Jy het gister getuienis afgelê in die hof, né? --- Ja.

Nou op 20 Augustus 1963 het jy 'n beëdigde verklaring afgelê in verband met die saak aan die Suid-Afrikaanse Polisie? --- Ja. Dit is nie Augustus nie.

Ek wil hê jy moet kyk na die verklaring. Die verklaring nou aan jou getoon deur jou onderteken? --- Ja, maar dit was nie Augustus nie.

Dit sal ingehandig word as 'n Bewysstuk, Edelagbare.

D$_r$a hierdie verklaring 'n datum? --- (Die getuie sê hy sien dat hier geskrywe staan die 20e Augustus. Maar dit was nie die 20 Augustus nie).

HOF : Wanneer was dit? K$_a$n hy ons net sê wanneer dit was? --- Ek is onder die indruk dat ek hierdie verklaring gemaak het in Oktober.

Dit is die maand wat nou net verby is? --- Ja.

AANKLAER : Dit sal ingehandig word as bewysstuk Q.

Die verklaring nou aan jou getoon is deur jou afgelê? --- Ek het die verklaring afgelê, Hulle het my gevra en ek het dit gedoen.

Het jy in Afrikaans gepraat? --- Ja, ek het in Afrikaans gepraat.

En het die beampte dit so neergeskryf soos jy gepraat het? --- Ek weet nie of hy geskryf het soos ek verklaar het nie. Hy het dit afgeskrywe,nie ek nie.

Nadat hy dit geskryf het, het hy dit aan jou teruggelees? --- Hy het dit teruggelees maar ek weet nie of hy teruggelees het aan my wat hy neergeskryf het nie.

Ja,maar ek vra aan jou. Nadat hy die verklaring afgeneem het in sy handskrif het hy die verklaring aan jou teruggelees? --- Ja.

Was jy daarmee tevrede gewees wat hy teruggelees het? --- Al wat ek ook nie tevrede nie, wat kon ek gedoen het?

Ja, maar ek wil hê jy moet my vraag antwoord asseblief, dan sal ons nie so lank hier staan in die hof nie. Was jy tevrede met die verklaring wat aan jou teruggelees is? --- Ja, ek was toe tevrede.

En het jy dit daarna onderteken? --- Ek het my naam geteken.

Voordat jy dit geteken het,het jy die eed geneem. Het jy gesweer dit is die waarheid? --- Ek het na dit die eed geneem.

Ja, maar jy het gesweer by die geleentheid dat dit die

waarheid is? --- Hy het my nie laat die eed afneem omtrent die verklaring wat ek gemaak het nie. Hy het my gevra, die beampte, of ek nog besig is met die legotla....

Dit is nie wat ek jou gevra het nie. Ek weet nie of jy my verkeerd verstaan het nie. Nadat die verklaring nou op skrif gestel is en dit teruggelees is aan jou, op enige stadium het jy by die geleentheid die eed geneem en bevestig dat dit die waarheid is? --- Hy het my die eed laat neem dat ek nie meer die legotla se werk doen nie. Daaroor het hy my die eed laat neem.

Antwoord net my vraag. Ek sal die vraag weer aan jou stel. Ek weet nie of jy verstaan nie. Nadat die verklaring op skrif gestel is en nadat dit aan jou teruggelees is en jy is daarmee tevrede het jy dit onder eed bevestig? --- Hy het my nie die eed laat neem vir die verklaring nie. Hy het my gesê of ek nie meer besig is met die legotla komitee nie. Daaroor het ek die eed geneem.

Het jy die eed geneem onmiddellik nadat die verklaring geneem was en nadat dit aan jou teruggelees was? --- Hy het my gesê of ek nie meer die legotlas bywoon nie...

Op watter stadium het jy die eed geneem? --- Hy het die verklaring aan my uitgelees en vir my gevra of ek nog behulpsaam is met die legotla....

Dit is my vraag wat ek nog al tyd aan jou gestel het. Het jy die eed geneem nadat die verklaring aan jou teruggelees was? --- Na die beampte hierdie verklaring afgeneem het en voorgelees het, het hy my gevra of ek my nog besig hou met die legotlas. Daarop het ek die eed geneem.

Wanneer het jy dit toe geneem, onmiddellik nadat die verklaring geneem is? --- Ja.

Nou weet jy die datum waarop die verklaring geneem was? --- Ek onthou nie want ek het klaar met die legotlas, ek bemoei my nie meer met die legotlas nie. Ek onthou nie meer die datums nie.

En weet jy waar die verklaring geneem was? --- Ja, in Pretoriusstraat.

In 'n Polisiekantoor? --- Ek weet nie of dit 'n Polisiekantoor is of nie want hulle het my in die nag kom haal en daarheen geneem.

Is die verklaring in 'n katoor geneem? --- Dit was in 'n kantoor.

Wie was almal in die kantoor gewees toe die verklaring geneem was? --- Die sersant in diehof was teenwoordig.

Dit is meneer Victor? --- (Volgens die getuie beduie was dit 'n adjunk Offisier wat die verklaring afgeneem het).

Was dit miskien meneer Coetzer? Of wie was dit? --- Ek ken nie sy naam nie maar hy het hier in die hof gesit. Net toe die hof aangegaan het, is hy uit. Ek dink dit is hy.

Is dit die eerste dag dat jy hom gesien het, die persoon wat uitgegaan het, toe die hof begin het? --- Ja.

Ek sal nou die verklaring aan jou uitlees. Jy moet mooi luister.

(Aanklaer lees verklaring).

AANKLAER : Is die verklaring nou korrek wat ek aan jou uitgelees het? --- Daar is van die woorde wat nie die waarheid is in daardie verklaring nie. Wat nie korrek is nie.

Kan jy onthou soos dit aan jou uitgelees is om te sê wat dit is? --- Die wat gelees is van die A.N.C.

Orals waar die woorde A.N.C. gebruik is? --- Orals waar ek het nie so gesê waar die woorde A.N.C. gebesig is, is nie die waarheid nie. Ek het nie so gesê nie. Ek het vir hulle gesê dit is S.A.C.T.U. Die A.N.C. is verban. En ek gaan nie meer na die A.N.C. toe nie. En na SACTU gaan ek ook nie meer nie want ek is nie 'n lid daarvan nie.

Nou is dit al wat foutief is in hierdie verklaring van jou? --- Ja.

Nou ek is geroepe om sekere punte aan jou uit te wys.

Dinge wat jy in jou getuienis in die hof onder eed gesê het wat nie stryk met jou verklaring nie? --- Ek wil net aan die Agbare Hof sê laat ek het al die vrae wat meneer die Aanklaer aan my gestel het,het ek geantwoord.

Ja, jy het geantwoord, maar die Staat beweer dat jy nie dieselfde hier gesê het wat jy aan die polisie gesê het nie. In jou verklaring aan die polisie meld jy dat jy....

GETUIE : Edelagbare, meneer die Aanklaer het nie daardie brief of verklaring aan my gestel nie. Hy stel dit nou aan my.

AANKLAER : Ek doen dit op versoek van die hof. Met toestemming van die hof. Ek het dit....

GETUIE : Ek verstaan.

AANKLAER : Vergeet nou van die A.N.C. In jou verklaring aan die polisie het jy gemeld: "Ek het eendag in die Pretoria News gelees dat Peter Magano beperk is". Onder die hoofverhoor het ek sekere vrae aan jou gestel wat nie hierop gedui het nie en jy het gesê dat jy nie van enige van die beskuldigdes in enige koerant gelees het nie? --- Ek weet nie wat jou bedoeling was met die vrae wat jy aan my gestel het nie omtrent hulle nie. Ek weet nie wat jy wou geweet het omtrent hulle nie.

Maar jy het verkies om 'n verklaring in Afrikaans aan die polisie te maak? --- Ja, ek het dit in Afrikaans afgelê. Maar sekere woorde het die Adjunk Offisier of die beampte gesê : "Jy moenie so praat nie, sê so".

Nou kan jy Afrikaans goed praat? --- Ek kan Afrikaans praat. Ek kan nie sê goed nie.

Watter kwalifikasies het jy? --- Standerd ses.

Het jy enige teologiese opleiding wat jou kerk aangaan? --- Ek het die Bybel bestudeer, ja.

In watter taal het jy die Bybel bestudeer?9-- In Sotho.

Preek jy soms? Preek jy altyd in Sotho? Preek jy altyd in jou taal? --- Ja. Ek preek as ek diens hou, in

my moedertaal. Dit is Sotho.

En hoelank was jy in die polisiediens gewees? --- Ek was nie lank in die polisiediens nie.

Ja, maar ek vra mos nou hoe lank was dit? --- Dit is lankal dat ek daar uit die polisie uit is, ek onthou dit nie.

Kan jy vir die hof 'n aanduiding gee of dit 'n maand was of 'n week, of hoelank dit was? --- Ek sou sê dit kan meer as 'n jaar wees.

Het jy Afrikaans as een van die offisiële tale in jou offisiële hoedanigheid as beampte gebruik? --- Ja.

Nou in jou getuienis het jy gesê dat dievergaderings was S.A.C.T.U. vergaderings, ek dink jy het dit onder kruisverhoor ook gesê en jy het ook gesê dit was wettige vergaderings? --- Ja, dit was S.A.C.T.U. vergaderings.

Nou in jou verklaring het jy gesê: "Ek het nie weer gegaan nie want ek was bang daar ek geweet het dat dit onwettig is"? --- Ek het nie so gesê nie. Ek het gesê ek het geweet dat die kongres verban is en ek is nie 'n lid van die Trade Union nie.

Ontken jy dan dat jy hierdie sin aan die polisie gesê het? --- Ek het gesê ek is nie 'n lid nie en die kongres is verban.

Die beampte wat die verklaring van jou geneem het was hy aan jou bekend voor hierdie geleentheid? --- Hy was nie aan my bekend nie. Dit was die eerste maal dat ek hom sien.

Het jy die verklaring vrywilliglik gemaak aan die polisie? --- Dit was onder swang. Hulle het gesê as ek nie 'n verklaring maak nie dan sal ek aangehou word.

Was jy nugter en by jou volle verstand toedie verklaring geneem was? --- Ek wasby my volle verstand. Ek drink nie bier nie.

Was jy nugter gewees? --- Ek drink gladnie.

'n Mens kan dronk word van ander dinge wat nie bier is

nie? --- Ek is nie 'n drinker nie. Onder geen omstandighede nie.

CROSS-EXAMINATION BY DEFENCE : Abel, this is a statement of about six and a half pages? --- That is correct.

It is a very long statement? --- It is a long statement.

Now I want to tell you that it happens at times that when a person has made a long statement to the police, before he gives evidence the prosecutor or a policeman allows him to refresh his memory from the statement? --- That should be done, yes.

Now, were you shown this statement to refresh your memory? --- No.

Well, obviously you would make mistakes as anybody would, as all witnesses would, you would make mistakes over small details? --- That is correct.

Take for instance this question about the Pretoria News. In your statement - now I haven't read your statement - my learned friend has read it - somehow it appears here that in the Pretoria News, you told the police that you had read in the Pretoria News about people who had been banned, No. 1? --- Yes.

That no. 1 had been banned, banished? --- Yes.

Now the way the question was put to you in Court here, I speak entirely from memory, but it would appear that you could have understood the question where the - correction - whether you read in the Pretoria News anything about this case? --- I didn't read anything about this case.

Exactly, that is why you said when the Prosecutor put it to you that his question about the Pretoria News was not quite the same as in your statement.

Now, I just want you to come back to what you told us about the circumstances in which you made the statement. You told the police that the meetings you attended were

these Trade Union meetings? --- That is what I said.

Then I must say that I haven't read the statement, but the way my learned friend has read the statement, you didn't tell the police that you attended A.N.C. meetings after it was banned? In actual fact it is quite clear from your statement that the meeting this person Nkadimeng was present at, was in actual fact a S.A.C.T.U. meeting, a Trade Union meeting, you told the police that? --- That is correct, sir.

Now when you spoke to the police, did you use the word legotla? --- No, I did not.

What sort of word did you use to indicate the various bodies? --- I was asked by the police, Your Worship where we met, where we had this meeting and I told them that we had a S.A.C.T.U. meeting and where it was.

The second meeting that you referred to in your statement to the police, the one where you said Accused No. 1 was present, even that meeting you didn't tell the police it was an A.N.C. meeting. It is clear from your statement? --- That is correct.

It seems to me that though your statement may vary in minor details, in essence it remains the same as your evidence in chief.

RE-EXAMINATION BY THE PROSECUTOR : Did you at any stage indicate to any person that you would like to refresh your memory from your statement? When giving evidence in Court? --- I did not. The Prosecutor started asking me questions and I had to answer his questions.

Why didn't you ask a person to allow you to refresh your memory? --- The Prosecutor knows his work and he knows what to do. It was his duty to do that and not mine. He knows, I cannot teach him, he knows what he must do in Court.

COURT : The Prosecutor did not ask you whether you wanted to refresh your memory? --- I didn't expect that I would be asked the questions that I was asked by Mr. Prosecutor. He

asked me questions about things that happened long ago.

Was it necessary for you to refresh your memory from your statement? --- I think it is Law that the statement should have been handed to me to refresh my memory.

I heard you saying that it should be. Now what would have been the position of you had been allowed to refresh your memory from the statement, would you have told the story as in the statement Exhibit Q, or would you have told another story to the Court? --- Your Worship, Mr. Prosecutor should have had my statement and he should have asked me questions according to what I made in that particular statement of mine.

Yes, but if you had refreshed your memory, would you have given your evidence as in the statement or not? --- I would have stated the same as in the statement if the Prosecutor had asked me.

Now what does S.A.C.T.U. stand for? --- I don't know, I am not a member of it. I don't know what S.A.C.T.Y. stands for.

When did you hear this word for the first time? --- Long ago when I met John Nkadimeng.

Is that meeting mentioned in your statement? Is this first meeting mentioned in your statement, Exhibit Q? --- They explained to us that it is a trade union.

Now, in your statement, Exhibit Q, you refer to the words "Trade Union"? --- Yes, those are the people that are working with the trade union.

Now, is the trade union a different organisation than the S.A.C.T.U.? --- Yes, that is the thing the trade unionists call S.A.C.T.U.

Why do you make mention of "trade union" in your statement then and not S.A.C.T.U.? --- Well, it is written down as "trade union", and not written down as S.A.C.T.U.

Do you know how many trade unions exist at the moment? --- In South Africa? --- No, I do not.

Thank you.

CASPER JOHANNES COETZER, verklaar onder eed: Ek is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Pretoria.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER : Meneer Coetzer, kyk na die verklaring, bewysstuk Q, en sê wat u daarvan weet? --- Hierdie is 'n verklaring, een wat ek geneem het van 'n Bantoe met die naam van Abel Tlali, Chilistraat 1041, Lady Selborne, Pretoria,

Wanneer is die verklaring geneem? --- Dit is geneem op die 20e Augustus 1963.

In watter taal het die getuie gepraat? --- Hy het Afrikaans gepraat.

Wat het - wat hy verklaar het, het u dit op skrif gestel? --- Ek het.

Nadat u die verklaring klaar opgestel het, het u dit aan hom teruggelees? --- Ek het.

Was hy tevrede daarmee? --- Hy was volkome tevrede.

Was hy by die neem van die verklaring nugter en by sy volle verstand? --- Ja.

Het die getuie dit onder eed bevestig? --- Hy het, ja.

En het hy die verklaring onderteken? --- Hy het.

Aan die end daarvan? --- Nadat ek die verklaring aan hom oorgelees het.

Ek merk op die verklaring is beëdig op bladsy een?--- Hy het al die bladsye geteken.

Waar was die verklaring geneem? --- Dit was geneem in Maritimegebou. In my kantoor.

Was daar enige persone teenwoordig toe dit geneem was? --- 'n Bantoe speurder Herman, was vir 'n klein rukkie teenwoordig gewees omdat ek gemeen het ek hom dalk sal nodig kry as 'n tolk. Maar hy is toe later uit my kantoor uit en aan die einde van die verklaring het hy weer teruggekom na my kantoor toe. Toe het ek, voordat die getuie die verklaring onderteken het, het ek dit geneem na die kantoor van

sersant Victor waar die beëdigde rubber stempel gehou word. In teenwoordigheid van sersant Victor en Bantoe speurder sersant Herman het hy die verklaring geteken en die eed geneem.

Was u toe bevoeg gewees om die een op te lê? --- Ek is.

In watter hoedanigheid? --- As 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie.

In die hoedanigheid as vredesbeampte? --- Ja.

'n Kommissaris van Ede? --- 'n Kommissaris van Ede.

Sê vir my meneer Coetzer, hoekom het u nie gebruik gemaak van die persoon Herman as 'n tolk nie? --- Omdat die getuie baie goed Afrikaans praat.

Het u alles korrek neergeskryf wat hy aan u verklaar het? --- Ek het.

Nou meneer Coetzer, die verklaring meld in sekere plekke van A.N.C. Streekkomitee van A.N.C. Die getuie sê dat hy nooit die woorde gebesig het nie? --- Hy het.

Hy sê dat hy die woord S.A.C.T.U. aan u gemeld het? --- Nee.

Hy sê ook dat u hom geswing het om die verklaring te maak? --- Dit is onsin.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR VERDEDIGING</u> : Meneer Coetzer het u enige iets te doen met die ondersoek van die saak voor die hof? --- Ek het gehad, maar nie meer nie.

Ja, maar in die begin stadium van die ondersoek het u iets daarmee te doen gehad? - - Het u gehoor van 'n Bantoe met die naam van Jack of John Sefoko? --- Ja, ek het.

U het geweet dat die polisie 'n verklaring van hom geneem het? --- Ek is nie bewus daarvan nie.

U was nie bewus daarvan nie. Hy was 'n getuie in die saak. Was u bewus daarvan? --- Nee.

Het u geweet dat dit word beweer dat daar in sy kamer op die hoeke van Kerk- en Beatrixstrate, hier in Pretoria, sekere vergaderings gehou was? --- Ja.

Was u bewus daarvan voordat u dieverklaring van Abel

Tlali geneem het? --- Dit is baie moeilik om te sê ek het so baie mense ondervra dat ek dit nie kan onthou nie. Dit is baie moeilik om...

Ja, maar die ding waarop dit neerkom is dit. Tlali het gesê dat hy het vir jou gesê dat hierdie vergaderings wat in Sofoko se kamer gehou was - soos hy dit beskryf het - Trade Union of S.A.C.T.U. vergaderings was? --- Dit is nie so nie, anders sou ek dit so aangeteken het.

Ja, maar u het dit so aangeteken in sy verklaring? --- Dit is moontlik.

Ek sal dit sê...? --- Ek het nie die verklaring bestudeer nie, nie nou nie...

AANKLAER : Ek maak beswaar. Die verklaring meld nie van S.A.C.T.U. nie, net van Trade Union.

VERDEDIGING : Kom ons gebruik dan die woorde Trade Union. Die enigste woorde wat ek in belangstel is Trade Union en A.N.C. Hy het in sy verklaring aan jou gesê dat die vergaderings wat gehou is in Sofoko se kamer was Trade Union vergaderings, is dit? In sy verklaring? --- Moontlik.

Maar hier teen die einde van die verklaring - dit is moeilik om te verstaan - hy sê dat die tweede vergadering wat gehou is in Sofoko se kamer, hy sê nie watse vagadering die was nie, en u het hom ook nie gevra nie? --- Ek ht afgeskryf soos hy dit aan my vertel het. Ek kan nie daar dinge in 'n verklaring aan skryf....

Dit wet ons. Al wat ek wil weet is, u het hom nie vrae gestel nie? --- Ek het hom enkele vrae gestel om sekere punte op te helder.

Maar hierdie punt, ek dink ek moet dit aan u lees. Ek het nie die verklaring gelees nie. Ek het net gehoor toe my geleerde vriend dit gelees het.

Dit kom eintlik daarop neer, dit is die tweede vergadering eintlik wat gehou is in Sofoko se kamer. "'n Persoon met die naam van John Nkadimeng van Johannesburg het daar

aangekom en hy het ons toe gesê dat ons by die trade union moet aansluit" - dit is wat genoem is in die eerste vergadering - "ek het toe vir hom gevra of mense wat nie werk nie ook by die trade union kan aansluit en hy het vir my gesê : nee, jy moet werk".

Dit is duidelik soos wat u dit hier neergeskryf het was dit 'n Trade Union vergadering. Dan gaan hy aan : "Hy het gesê in elke lokasie 'n sewe-man komitee gestig moet word, 'n streekskomitee, want die A.N.C. is onwettig verklaar. Hy het gesê dat die A.N.C. streekskomitees van Nchabaleng instruksies sal kry van Johannesburg af oor hoe hulle moet werk". Nou die enigste ding is u het hom skynbaar nie gevra wie hierdie sewe-man komitee of hierdie streekskomitee - of dit sewe-man komitee of streekskomitee van die Trade Union of van die A.N.C. is nie. Dit is al wat ek van u wil weet? --- Ja, ek sal u sê hoekom ek hom nie gevra het nie. Sover as wat my kennis strek het daar nie 'n sewe-man komitee in die Congress of Trade Unions bestaan nie, alleenlik in die A.N.C.

Ja, maar hulle kon besluit het om wel 'n sewe-man komitee in die Trade Union te stig. Ons weet nie. U het hom nie gevra nie? --- Nee.

Tlali het ook gesê dat jy sal hom opsluit vir 90 dae as hy nie 'n verklaring maak nie. Is daar enige waarheid...? --- Onsin.

Is dit nie waar nie? Die vorige getuie Sofoko, wie se getuienis nie afgehandel is nie, het ook gesê dat hy gefolter is? --- Dit is nie so nie.

O, u het hom nie gefolter nie? --- Ek ken hom gladnie.

Dankie.

<u>HERONDERVRAGING DEUR AANKLAER</u> : Verstaan ek u korrek dat die verklaring, bewysstuk Q, is woordeliks soos die getuie Abel Tlali verklaar het, behalwe waar u gevra het - vrae gevra het om sekere dinge op te helder? --- Ja.

-----------

JAN HENDRIK VICTOR, verklaar onder eed: Ek is 'n speurder sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, verbonde aan die Veiligheidsafdeling.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER : Kyk na bewysstuk Q, die verklaring van Abel Tlali. Ken u die vekklaring? ---- Ekken die verklaring.

Was dit in u teenwoordigheid afgeneem deur die vorige getuie? ---- Dit was nie in my teenwoordigheid afgeneem nie.

Dra dit u handtekening as getuie? ---- Ja. Die verklaarder het die verklaring aan die vorige getuie afgelê en hy het hom na my kantoor gebring, waar ek die rubberstempel het. Daar het hy die verklaarder laat sweer en teken in my teenwoordigheid.

Was daar vir u enige aanduidings dat die getuie Abel Tlali ontevrede was oor enige van sy konfessies? ---- Nee.

Het u toe geteken as getuie tot sy handtekening? ---- Ek het geteken as getuie tot sy handtekening.

VERDEDIGING : Geen vrae nie.

HOF : Wel, is dit duidelik dat hy sweer dat die dokument hier, die waarheid is? ---- Ja.

Hy het in sy getuienis gesê hy sweer daar dat hy nie meer aan die legotla behoort nie? ---- Ek sal dit sê. Nadat hy geteken het, het hy met 'n glimlag gesê : "Ek is klaar met hierdie mense".

AANKLAER SPREEK HOF TOE.

HERMAN MASHABA, verklaar onder eed: (Praat Sotho)

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER :

Wat is jy? ---- Ek is 'n speurder.

'n Speurder in die Suid-Afrikaanse Polisie? ---- Ek is 'n speurder in die S.A.P., ja.

Gestasioneer te? ---- Pretoria.

Nou kyk na hierdie verklaring bewysstuk Q. Aan die end daarvan dra dit jou handtekening as getuie? ---- Ja, ek

het gekeken as getuie.

Kan jy onthou hoe dit gekom het dat jy daar geteken het as getuie? ---- Ek het geteken as getuie omdat hy die eed geneem het op hierdie verklaring.

Onthou jy dat getuie die eed geneem het in jou teenwoordigheid? ---- Hy het die eed geneem vir die verklaring wat hy afgelê het.

Het hy gesweer dat die inhoud van hierdie verklaring korrek is? ---- Ja.

In wie se kantoor het hy - het jy geteken as getuie? ---- In sersant Victor se kantoor.

Was jy teenwoordig toe hierdie verklaring geneem was? ---- Ek was nie teenwoordig toe hierdie verklaring geneem was nie.

Maar - op die stadium toe die getuie Abel Tlali die eed geneem het was daar vir jou enige aanduidings dat hy die verklaring gedwonge moes maak of dat hy ontevrede was? ---- Nee, daar was geen, dit het my voorgekom asof hy dit vrywillig gedoen het, en daar geen swang op hom uitgeoefen was nie.

VERDEDIGING : Geen vrae nie.

TSELENG JOHN MOSOPYE, verklaar onder eed: (Praat Sotho)

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER :

Woon jy te Klipstraat 1162, Lady Selborne, Pretoria? ---- Ja.

En werk jy te Residensie Hotel, Schoemanstraat, Pretoria? ---- Ja.

Het jy jou skoolopleiding te Makapanstad in die distrik van Pretoria gehad? ---- Ja.

Watter standerd het jy op skool gemaak? ---- Standerd 4.

Sedert wanneer is jy nou al woonagtig hier in Pretoria? ---- Ek het in Pretoria aangekom in 1946.

Nou het jy op enige stadium by die A.N.C., die African National Congress hier in Pretoria aangesluit?---- Dit was my legotla gewees, ja.

Wanneer het jy aangesluit? --- As ek reg onthou dan is dit 1959.

En hoe het dit gekom dat jy aangesluit het? --- Oor ek ooreengekom het wat hulle gesê het.

Ja, maar het jy na iemand gegaan om aan te sluit of het iemand na jou gekom en gevra of aan te sluit? --- As jy enige nodig het, dan gaan jy die ding soek.

En het jy 'n lidmaatskapkaartjie ontvang? --- Ja.

Tot wanneer het jy lid gebly van die A.N.C? --- Totdat die regering dit verban het.

Weet jy wanneer die A.N.C. verban is deur die regering? --- Dit is in 1960.

Weet jy enige iets van die organisasie S.A.C.T.U., South African Congress of Trade Unions? --- Dit is ook myne.

Wanneer het jy aangesluit by hierdie organisasie? --- In 1959.

Wat is jy van hierdie organisasie, S.A.C.T.U.? --- Ek is 'n lid.

Ja, maar is jou nou voorsitter of sekretaris of wat? --- Ek is die voorsitter nou van S.A.C.T.U. hier in Pretoria.

N^O^u van wanneer af is jy voorsitter van S.A.C.T.W. hier in Pretoria? --- Van 1962 af.

Wie het jou gekies as voorsitter van S.A.C.T.U.? --- Isikulu. Isikulu is 'n groot huis. Dit beteken die ouer mense voor ons.

Nou hoeveel was die ouer mense voor jou wat jou gekies het? --- Ek kan nie sê nie hoe baie.

Waar was jy gekies as voorsitter? --- In J~o~hannesburg.

W^A^ar in Johannesburg was dit? --- In ons kantore.

Watse kantore was dit gewees? --- S.A.C.T.U. kantore.

Het julle enige kantore van S.A.C.T.U. - kantore in Pretoria van S.A.C.T.U.? --- Daar was 'n kantoor van S.A.C.T.U. in Pretoria gewees maar hy is nou gesluit.

Waar was die kantoor van S.A.C.T.U.? --- In Marabastad.

Wanneer was hierdie kantoor gesluit? --- In Maart hierdie jaar. Ek meen so.

Hoekom sê jy, jy meen so? --- Omdat ek so dink.

Hoe het dit gekom dat hierdie kantore op Maart 1963 gesluit was? --- Dit is veroorsaak deur die regering wat die mense gepla het wat daardie kantoor gehou het.

Ja,maar wie het die kantoor gesluit, die regering of julle eie mense? --- Die kantoor is gesluit omdat daar niemand meer in daardie kantoor moet wees nie.

Aan wie het daardie gebou behoort? --- Dit behoort aan Indiër mense, die gebou.

En word die gebou gehuur van die Indiërs? --- Ons het van julle gehuur, ja.

Wat was die huur gewees per maand? --- Tien rand.

Tien rand? --- Tien rand per maand.

Uit watter fondse was hierdie huur betaal? --- Dit kom van die weksmense. Die arbeiders.

Was daar 'n besondere fonds waaruit die huur betaal was? --- As die mense die geld kollekteer dan stuur ons die geld na Isinkulu toe. Dit is die groot huis, grootmense.

Waar was die groot huis gewees? --- In Johannesburg daar is die groot huis.

Ja, maar ek wil net duidelikheid kry. Waarom word die geld daarheen gestuur en dan moet julle dit weer terugkry om vir die Indiërs hier in Pretoria die huur te kan betaal? --- Want **hierdie kantoor** is 'n S.A.C.T.U. kantoor, daarom.

Was daar enige administrasie werk van Pretoria in daardie kantoor gedoen? --- Die werk word deur ons behartig wat in die kantoor is.

Wie was in die kantoor te Pretoria? --- Ek was ook in die kantoor gewees.

Ja, en behalwe jy? --- Mtebela en my klerk.

Hoeveel klerke het jy gehad? --- Net een klerk.

Wie was die klerk gewees? --- Levi.

Was julle voltyds in die kantoor? --- Ons gaan uit die kantoor, dan gaan ons saam met die lede en dan kom ons weer terug kantoor toe.

Julle gaan saam uit met wie? --- Met die lede van die S.A.C.T.U. en dan kom ons weer terug.

En wanneer kom die lede nou na die kantoor toe? --- Ek het nie gekyk hoelaat is dit nie.

Ja, maar ek wil nou van jou weet die prosedure wat daar gevolg word. By watter geleenthede gaan julle saam met lede uit en wanneer kom julle terug? --- Party kere gaan ons in die oggend uit en ander kere ... (Tolk : Die getuie wil my nie die woord sê nie. Hy gebruik 'n woord wat ek nog nooit gehoor het nie - moriti - dit is 'n skaduwee. Hy wil my nie sê wat dit is nie. Ek het hom nou al mooi gevra).

Waarheen gaan julle dan as julle uitgaan? --- Ons gaan na die hotelle toe waar die lede is.

Verstaan ek korrek? Jy het gesê die lede gaan saam met julle uit vanuit die kantoor? --- Nee, jy verstaan my verkeerd mnr. die Aanklaer, ek gaan uit na die lede toe waar hulle werk.

Ja, hoekom gaan jy uit na waar hulle werk? --- Jy moet besef dat ek 'n organiseerder is.

Ja, ek besef dit goed. Maar vir watter doel gaan jy uit? --- Ek gaan geld soek op die einde van die maand. En ek gaan ook uit om klagtes aan te hoor van die werknemers van hulle werkgewers.

Was jy baie besig met organisasiewerk? --- Jy sal nie 'n voorsitter wees as jy nie besig is nie.

Ja, maar jy moet as ek jou 'n vraag vra, moet jy antwoord. As ek jou 'n direkte vraag vra moet jy my antwoord, ja of nee. Die vraag wat ek jou vra was jy baie besig, of was jy net deeltyds besig met die organisasiewerk? --- Ek was baie besig.

Hoeveel lede het jy gehad in die organisasie? --- Dit

gaan met klagte.

Dit gaan met klagte? --- Klagte, ja.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TSELENG JOHN MOSOPYE, onder vorige eed:

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER (Vervolg) : Vir watter doel was die kantoor van S.A.C.T.U. in Pretoria gebruik? --- Mag ek net twee punte vir die Afbare Hof verduidelik. (Tolk wat antwoord - hierdie woord wat die getuie gebruik het "groot huis", dit bedoel die hoofkwartier en die woord moriti stilstaande skaduwee, bedoel, enige tyd namiddag).

Vir watter doel was die S.A.C.T.U. kantoor in Pretoria gebruik? --- Die kantoor is vir verskillende doele gebruik. Eerste, dit is vir werkende mense wat in die kombuise werk. Tweedens, wat in kantore werk. Derdens, vir die werkers op die spoorweg. Vierdens, vir werkers by staalwerke en minerale.

Vir watter doel het die werkers van die spoorweg hierdie kantoor gebruik? --- Die doele wat ek alreeds verduidelik het wat dit voor is, dit is ingesluit. Die kantoor sluit alles in.

Ja, maar wat doen die werkers van die spoorweg in hierdie kantoor?

AANKLAER : Maak beswaar - beskuldigdes is besig om gesigte te trek in die rigting waar getuie is.

HOF : Dit sal miskien die saak oplos as die tolk hier sit dat hy hiernatoe kyk en weg van die beskuldigdes af.

GETUIE : Soos ek gesê het waarvoor die doel van die kantore is, hy het 'n leier, 'n voorbeampte. Ek is 'n voorbeampte van die werksmense wat in kombuise werk. Dan is daar ook so 'n persoon vir die mense wat op die spoorweg werk.

Word daar vergaderings in hierdie kantoor gehou aan enige van die mense? --- Enige van die wat ek alreeds gemeld het kan 'n vergadering hou in die kantoor.

Ja, hulle kan, maar was daar al vergaderings deur die mense daar gehou? --- Wat ek van weet is my vergaderings wat ek daar gehou het. Dit was klein vergaderings.

Hoeveel vergaderings het jy daar gehou? --- Ek het weekliks 'n vergadering daar gehou.

En watse vergaderings het jy weerkliks daar gehou? --- Ek het vergaderings daar gehou in verband met die werkende mense. In verband met hulle werk, en gevalle waar hulle nie behoorlik betaal word nie.

Was daar enige ampsdraers verbonde aan die S.A.C.T.U. terwyl jy voorsitter was? --- As dit 'n S.A.C.T.U. vergadering is dan is dit nie juis noodwendig dat die man wat die werkende mense in die kombuise, soos ek, verteenwoordig nie, maar enige ander een van hulle wat 'n beampte is soos ek een is kan teenwoordig wees. Dit is S.A.C.T.U. vergaderings.

Ja, maar jy sê as dit 'n S.A.C.T.U. vergadering is, maar was daar enige ander soort vergaderings gehou in die kantoor? --- Dit is net al van die wat ek van melding gemaak het. Geen ander nie.

Nou het die S.A.C.T.U. uit 'n komitee bestaan of ampsdraers? --- Daar is lede wat aan die S.A.C.T.U. behoort.

Ja, maar afgesien van die lede was daar enige ampsdraers van die S.A.C.T.U. wat jy geken het? --- Daar kan nie so iemand wees nie. Daar is nie so iemand nie.

Het die S.A.C.T.U. in die tyd wat jy voorsitter was enige sekretarisse gehad? --- Daar was 'n sekretaris.

Nou die yster en staalbedryf, het die 'n sekretaris gehad? --- Meneer, ons praat nou van S.A.C.T.U. Ons praat nie nou van sekretarisse nie.

AANKLAER SPREEK HOF TOE : Maak beswaar - Edelagbare, ek sal bly wees as die hof sal waarneem die houding wat die getuie teenoor my inneem van vanoggend af. Hy antwoord partykeer nie my vrae nie en hy is beledigend teenoor my.

HOF : Nou hoekom antwoord jy nou so onsinnig, jy het nou nie .

gesê terwyl ju voorsitter was, was daar 'n sekretaris van S.A.C.T.U. Ja, ons praat net van S.A.C.T.U.? --- Al hierdie het nie 'n sekretaris nie.

Ja, maar ek wil jou nou net sê jy moet die antwoorde direk gee? --- Hulle het almal hulle sekretarisse.

Daardie opermking van jou van S.A.C.T.U. Ons weet almal ons praat van S.A.C.T.U. Daardie opmerking van jou van "Ons praat nou van S.A.C.T.U./. Ons weet almal ons praat nou van S.A.C.T.U. Jy moet dit nie sê nie, dit gee 'n verkeerde indruk.

AANKLAER : Het die yster- en staalbedryf ook 'n sekretaris gehad wat verbonde was aan S.A.C.T.U.? --- As hy 'n lid was van S.A.C.T.U., ja.

Ja, maar het die yster- en staalbedryf 'n sekretaris gehad? --- Ekwil aan diehof verduidelik dat S.A.C.T.U. het sy sekretaris en al hierdie kleintjies soos die spoorweë en die staalwerke en dit hulle het hulle eie klerke, nie sekretarisse nie.

Nou asjy nie weet nie of as jy weet dan sê jy net vir my ja of nee. Ek sal die vraag weer duidelik aan jou stel. Het die yster- en staalbedryf - sekretaris gehad, ja of nee? --- Ja.

Ja. Nou goed. Hierdie sekretaris was hy enigsins verbohde aan S.A.C.T.U. as 'n ampsdraer of enige ander beampte? --- Hulle sekretaris is net 'n lid van S.A.C.T.U. Net dieselfde amp as ek, soos wat hile uitvoer laat die kombuiswerkende mense onder my val, val 'n ander seksie weer onder hom.

In ander woorde die sekretaris van die yster- en staalbedryf het dieselfde bevoegdhede en funksies gehad as wat jy gehad het as voorsitter van S.A.C.T.U. Ek wil dit duidelik probeer kry. Is dit so dat 'n sekretaris van die yster- en staalbedryf dieselfde pligte gehad het as wat jy sou gehad het as voorsitter van S.A.C.T.U.? --- Mag ek dit so verduidelik

vir die Agbare H$_o$f en vir meneer die aanklaer : Ek is die voorsitter en die sekretaris van die staalwerke is 'n lid

En wat doen die sekretaris nou as lid van S.A.C.T.U.? Elkeen van hulle het sy onderskeie werk.

Het jy geweet watse werk hulle gehad het? --- Ja, ek het geweet want ek is die voorsitter.

Watse werk het hy gehad? --- As hy sekretaris is, dan moet hy neerskryf wat ons praat met ons vergaderings. Dan moet hy 'n notule daarvan maak.

En wie was die sekretaris van die yster- en staalbedryf? --- Dit was Rapedi.

Is Rapedi sy naam of sy van? --- Dis sy van. Dis Mac Rapedi.

En Lincoln Matebela, was hy aan jou bekend? --- Ek ken Enoch Matebela, maar nie Lincoln Matebela nie.

In watter hoedanigheid ken jy Enoch Matebela? --- Hy is die skrywer van die ysters.

Wat bedoel jy daarby? --- Van die staalwerkers.

Ja, maar wat is hy as hy die skrywer is van yster, ekverstaan dit nie? --- Dit is soos ek verduidelik het, klein groepe en elke so 'n groep het sy sekretaris, wat opskryf.

Was Enoch Matebela 'n sekretaris? --- Van die ysters, ja, nie van die staalwerkers nie.

Was daar twee afsonderlike sekretarisse, een vir yster en een vir staalwerke? --- Die ysters is die staalwerke.

Ek wil hê jy moet dit vir my duidelik stel, want jy het nou 'n naam genoem wat ek nie meer onthou nie, wat jy gesê het die sekretaris is van yster en staalbedryf.

HOF : Mac Rapedi wat hy gesê het die sekretaris was, nou sê hy Enoch.

Getuie antwoord : Mac Rapedi, dit is S.A.C.T.U. se sekretaris. S.A.C.T.U. en die Domestic Workers Union is twee dinge, dit is nie dieselfde ding nie.

Ons praat net van S.A.C.T.U., dit moet hy onthou. Ons wil

nie van die ander goed weet nie.

AANKLAER : Nou was Rapedi sekretaris van wat? --- Hy is sekretaris van S.A.C.T.U.

Het hy enige iets te doen gehad met die yster- en staalbedryf? --- Dit sal ek nie kan verklaar nie, ek weet nie.

Hy was nie sekretaris van die yster- en staalbedryf op enige stadium nie? --- Ek weet nie of hy sekretaris van hulle was nie. Ek weet hy was 'n lid van hulle.

Wie sê jy was die sekretaris van die yster- en staalbedryf? --- Enoch Matebela.

Lincoln Matebela, sê jy, was onbekend aan jou? --- Ek ken hom nie.

En Linoch Matebela? --- Ekken hom nie.

Die huisbediendes, het hulle 'n sekretaris gehad? --- Ja.

Wie was die sekretaris van die huisbediendes? --- Levi Molefe.

Is hy miskien dieselfde man as Moses Molefe? --- Dis hy.

En het die winkel en kantoorwerkers 'n sekretaris gehad? --- Ja, hulle het.

Wie was dit gewees? --- Petrus Nchabaleng.

Is dit beskuldigde no. 3? --- Ja.

Van wanneer af is hy die sekretaris van die kantoorwerkers? --- Dit het tot my kennis gekom in 1962.

Wanner in 1962? --- Ek kan nie melding maak van watter maand nie, dit is vir my onmoontlik, ek weet dat dit in 1962 was.

Kan jy aandui miskien, die begin, middel of die end van 1962? --- Ek sou sê die begin.

Die mineralewerkers, het hulle 'n sekretaris en organiseerder gehad? --- Hulle het ook hulle sekretaris gehad. Ek ken net sy van, ek ken nie sy ander naam nie. Sy van is Makhetheta.

En het die glaswerkers en die spoorwegwerkers 'n sekretaris gehad? --- Hulle het ene gehad.

Wie was dit gewees? --- Hy het maar net die plekke gegaan waar daar 'n komitee is. Ek dink die glaswerkers, Pretoria

het 'n komitee gehad, maar die glaswerkers het ook lede, ek is onder die indruk dat hy lede het.

Ken jy 'n Bantoeman Gatebe? --- Ek ken sy van. Daar was so 'n man gewees.

Ja, en in watter hoedanigheid het jy hom geken? --- Ek het geweet dat hy van S.A.C.T.U. se mense is.

Wat was hy van S.A.C.T.U.? --- Hy was die man wat die geld gehou het, die tesourier.

Was hy tesourier van S.A.C.T.U.? --- Ja.

TOLK : Die getuie vra nou dat die hof vir hom 'n ander tolk bring. Hy sê ek vertolk vir hom op 'n manier wat hy my nie verstaan nie.

HOF : Watse taal praat jy? --- Hy praat pront Afrikaans.

Wel, in elk geval as hy 'n ander tolk wil hê, kan ons 'n ander tolk kry, asseblief meneer die Aanklaer.

HOF VERDAAG.

BY HERVATTING verskyn as tolk : MNR. SWART.

AANKLAER : Doen op die stadium aansoek om uitstel.

SAAK UITGESTEL TOT 22 NOVEMBER 1963. DIE BESKULDIGDES BLY IN HEGTENIS.

---------------

OP 22 NOVEMBER 1963.

TSELENG JOHN MOSOPYE verklaar onder eed:

AANKLAER: Ek weet nie of ek moet melding maak van die wyse waarop die getuie gesweer het nie, hy het die "Afrika" teken opgesit toe hy gesweer het, maar ek sal maar voortgaan,

HOF: Jy staan nog onder eed in elk geval van gister af? --- Ja.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER (Voortgesit): Ek dink waar ons verlede keer opgehou het was ons besig met die glaswerkers en die spoorwerkers. Jy sê jy het 'n man geken met die naam van Gadebe? --- Ja.

Was hy Sekretaris van die glaswerkers en spoorwerkers? --- Hy was, sover ek weet, die ontvanger van die gelde by die SACTU.

Was hy dan 'n tesourier? -- Ja.

Tot jou eie kennis was hy enigiets soos 'n sekretaris of enige ander verteenwoordiger van die glaswerkers en die spoorwerkers? -- Hy was daar in die Hof van die Spoorweë.

Nee maar ek vra nou spesifiek, soos jy my vertel het, van die Yster- en Staalbedryf, of soos die huisbediendes of winkel- en kantoorwerkers; so vra ek nou vir jou ook of hierdie Gadebe enigiets soos 'n sekretaris of ander verteenwoordiger was van die glaswerkers en spoorwerkers? --- Ek weet nie wat sy rang was nie, of hy sekretaris daar was of wat nie, ek weet net hy was 'n grootkop daar gewees, hy het daar gewerk.

Het SACTU ook bestaan uit 'n Streekkomitee? --- Ek was saam met hom daar.

Nee, antwoord net my vraag mooi asseblief, het SACTU 'n Streekkomitee gehad? -- - Ja.

En wie was die voorsitter van die Streekkomitee? --- Makra Phiri.

En wie was die Sekretaris van hierdie Streekkomitee?

TOLK: Het u nie nou gevra van die Sekretaris nie mnr. Aanklaer?

DEUR AANKLAER: Chairman, Voorsitter? --- Ek.

Jy die Voorsitter en wie was nou die Sekretaris? --- --- Makra Phiri.

En die Tesourier van hierdie Streekkomitee? -- Gadebe.

En Enoch Matebela, het hy enigiets met die Streekkomitee te doen gehad? -- - Nee.

Was hy op enige stadium 'n Sekretaris van die Streekkomitee? --- Nee.

As hy Sekretaris sou gewees het, sou jy daarvan kennis gedra het in jou hoedanigheid as Voorsitter? -- By die Streekkomitee?

By die Streekkomitee ja? --- Ek sou daarvan geweet het.

En jy het nooit sulke kennis gedra nie? --- Nee.

Wie kies die Sekretaris van die Streekkomitee? --- --- Persone word uitgekies in 'n huis.

Deur wie? --- Dit is nie net een persoon wat daar praat nie; dan staan een persoon op, dan kies hy so 'n beampte uit vir so 'n doel; dan staan 'n ander persoon op en hy kies weer 'n ander beampte uit vir so 'n doel, om te ste

Ek besef dit maar ek wil weet watter soort mense dit is? Is dit lede van die A.N.C. wat nou so 'n persoon kies of is die gewone lede van SACTU? --- Van SACTU.

Wat van SACTU? Wie van SACTU kies nou hierdie persoon soos die sekretaris? --- Die lede.

Is daar 'n aantal lede wat teenwoordig moet wees om so 'n keuse uit te oefen? --- Ja, daar was meer dan een.

Nee, ek wil weet of daar 'n kworum moet wees, 'n beperkte hoeveelheid wat so 'n stemming kan uitbring of kan net die aanwesiges so 'n stem uitbring? --- U bedoel nou net wat nou so in die betrokke huis is?

Ja, almal wat - as daar net meer as een teenwoordig

is, stem alle teenwoordiges, of moet 100 persone teenwoordig wees om so 'n persoon in te stem? --- Net die persone wat in daardie betrokke huis is, is genoeg.

Net die teenwoordiges? -- Wat teenwoordig is.

Nou die persone, ampsdraers van SACTU en die Streekkomitee wat jy nou genoem het, van wanneer tot wanneer het hulle in die besondere poste gedien? --- As ek nie verkeerd het nie dan is dit vanaf 1961.

Wanneer in 1961? --- Gedurende April.

Van April 1961 was jy Voorsitter van die Streekkomitee? --- Ja.

En was jy ook Voorsitter van SACTU? --- Ja.

Tot wanneer? --- Tot 1962.

Wanneer in 1962? --- Ongeveer in die middel van 1962.

En dus tot op daardie stadium was daar nie meer 'n stemmery of so nie, dit het net stilgestaan? -- Ja, Junie '62.

Maar al was daar nie 'n stemmery nie het dit nog voortgegaan? --- Ek onthou nou nog dat ek die Voorsitter was daardie tyd.

Maar al was daar nie meer stemmery in die middel van 1962 nie het dit nog voortgegaan, het jy nog Voorsitter gebly? --- Ja.

En is dit nog in werking tot op datum? --- Ja.

En vind stemmery nog plaas soos jy sê? --- Nee die mense is nou almal uitmekaar.

So van Junie 1962 tot vandag - Junie 1962, jy sê dit het nou begin doodgaan - van daardie tyd tot vandag is daar nog geen byeenkomste en stemmery gewees nie? --- Daar was toe nog nie weer vanaf Junie 1962 byeenkomste gewees, bymekaarkomste gewees van hierdie SACTU wat ons nou oor praat nie.

En is jy nog vandag die Voorsitter van SACTU? --- Ja tot nou nog.

Makra Phiri, jy het gesê hy is die Sekretaris? --- Ja.

Wanneer was hy aangestel as Sekretaris? --- Dit was in April 1961 toe ek ook gekies is.

En tot wanneer het hy aangebly in die hoedanigheid? --- --- Tot in 1962 dat dit uitmekaar gegaan het.

Ook Junie 1962? --- Ja.

Gadebe, wanneer was hy gekies as Tesourier? --- Dit is ook gedurende dieselfde tyd as wat ek en Phiri in 1961 gekies is.

Het sy ampstermyn ook geloop van April 1961 tot Junie 1962? --- Ja.

Waar was SACTU se vergaderings in Pretoria gehou? --- --- Net waar ons 'n plek kon gekry het want ons was lastig geval deur die Regeringsmense. Byvoorbeeld by my huis waar ek huur of by 'n ander persoon se huis waar hy ook is.

In lede van die SACTU se huis? --- Ja.

Was vergaderings miskien gehou in lede van die A.N.C. se huise? --- Van wanneer af.

Op enige stadium van SACTU in lewe is? --- Gedurende 1961 was die A.N.C. nie meer daar gewees nie.

Hoekom sê jy gedurende 1961 was dit nie meer daar nie? --- Om rede dit geëindig is deur die Regering in 1961.

Jy bedoel seker dit was in die ban gedoen? --- Dit is wat ek bedoel ja.

Weet jy of alle A.N.C. lede vergaderings gehou het, sal jy dit kan sê, na die inbandoening? --- Party van die A.N.C. en die Trade Union, soos ek dit sê, ons het saamgewerk.

Wanneer? --- Tot gedurende 1960.

Tot wanneer in 1960? --- Tot die einde, totdat dit verban is.

Tot daar in April 1960? --- Ja.

Toe het sommige A.N.C. lede saamgewerk met 'n Trade Union? --- Ja.

Wat se Trade Union was dit gewees? --- Hierdie SACTU

Weet jy hoekom dat SACTU hom vereenselwig het met die werk van die A.N.C.? --- Die begin?

Op enige stadium wat hulle saamgewerk het? --- Ek sal verduidelik, ek was 'n A.N.C. persoon.

Tot wanneer? --- Tot gedurende 1960. En ook 'n SACTU man gewees.

Tot wanneer in 1960? --- Totdat dit geban is.

Goed jy sê nou jy was ook lid van die A.N.C. nou vra ek jou hoekom het SACTU saamgewerk met A.N.C. tot die tyd wat die A.N.C. verban was? --- Soos ek weet het die A.N.C. dieselfde dinge wou gehad het as die SACTU.

Wat se dinge wou SACTU gehad het? --- Soos byvoorbeeld beter salarisse en ook beter werkvoorwaardes en ook die paste wat ons gedra het, dit het baie gehinder met hulle werk. Die A.N.C. wou nie die paste gehad het nie.

En wou SACTU die paste gehad het? --- Nee ook nie. So het altwee saamgewerk, die A.N.C. en die SACTU. Sover ek weet.

Ek wil net duidelikheid hê, jy weet miskien hoekom, maar was SACTU nie sterk genoeg op sy eie as 'n werkende organisasie om daardie dinge te dryf nie? --- Die organisasie wat ek noem SACTU hulle het vooruitgegaan hulle was met die A.N.C. Hulle het vooruit gegaan, hulle was nie die meerderheid nie maar hulle het al die dinge reggekry en beplan.

SACTU het vooruit gegaan, het hulle voorbrand gedoen vir die werk van die A.N.C.? --- Ja party was lede van die SACTU en ander was weer lede van die A.N.C. soos ek byvoorbeeld.

Nee maar kyk, julle noem dinge by ander name en julle het ander wyses van uitspreek, jy sê SACTU het die A.N.C. vooruit gegaan - wat behels dit? --- Hulle gaan albei saam.

Wat het jy bedoel dat die SACTU het die A.N.C. vooruitgegaan? --- Ek verstaan die vraag nie mooi nie. Bedoel u

nou dat SACTU die A.N.C. voorgegaan het of die A.N.C. SACTU voorgegaan het?

Nee ek wou net 'n verduideliking hê wat jy bedoel het met die woorde SACTU het die A.N.C. vooruitgegaan, net die betekenis van jou eie woorde? --- Die bedoeling is hulle werk saam, dit is twee maar hulle werk saam.

Ja maar die A.N.C. gee mos nie instruksies vir SACTU nie? --- Byvoorbeeld as die A.N.C. nou "strike", staak, dan die SACTU help hulle dan.

Hoe help die SACTU die A.N.C. in 'n staking? --- Albei kom tot 'n besluit.

Tot wat se besluit? --- Ek sal dit nou probeer verduidelik aan die Hof. Soos byvoorbeeld ons wil £1 'n dag hê, dan kom ons byeen, die A.N.C. en die SACTU, en dan word dit oor hierdie saak gepraat. Dan word daar gepraat en dit word dan daar ooreengekom of ons gaan staak of aldan nie. Daaroor sê ek al was ons lede van die A.N.C. dan is ons ook nog lede van die SACTU want hulle het saamgegaan. Maar die mense van SACTU ...

Die mense van SACTU, was hulle nou gladnie lede van die A.N.C. nie? --- Ja soos ek persoonlik was 'n lid van die A.N.C. en ook van die SACTU, en die andere dieselfde.

Is dit nou 'n algemene reël dat 'n A.N.C. lid is ook 'n SACTU lid? --- Presies soos ek, ek is 'n lid van die SACTU en ook van die A.N.C. en 'n ander persoon dieselfde.

Almal so? --- Nee, party.

Dit is wat ek wil weet, kan jy 'n aanduiding gee in hoe 'n mate sommige SACTU lede ook A.N.C. lede was, wat is min of meer die persentasie onder SACTU? --- By die aansluitings dan verstaan ons mooi watter organisasie of wat dit nou hierdie is, en wat dit nou daardie is. Die verskil tussen die twee.

Toe jy aangesluit het as A.N.C. lid, hoe was dit verduidelik aan jou wat is die A.N.C.? -- Vryheid Edelagbare.

Wat behels die woord vryheid, daar is 'n plek met die naam van Vryheid ook? -- Eerstens is die paste waarmee daar baie gepla was.

Wat is die doelstelling van die A.N.C. omtrent die Bantoes wat paste dra? --- Ek was 'n lid van die A.N.C. ek dra my pas en ek is 'n persoon wat werk. Die pas pla my daar by die werk.

Ja maar wat wou die A.N.C. doen omtrent hierdie plaery van die paste? --- Ek byvoorbeeld self, ek voel nie tevrede daaroor nie.

Ja maar wat was die doelstelling van die A.N.C. oor hierdie ontevredenheid? --- Dat ons moet die reg hê om nie meer paste te dra nie.

En wat sou die A.N.C. doen om dit reg te kry? --- Die voorsittende beamptes sou met die Regering gepraat, hulle sou vertoë gerig het tot die Regering van hierdie paste van ons.

Sou hulle op 'n vreedsame wyse met die Regering onderhandel oor die aspek? --- Dit is reg.

Weet jy van enige ander aspekte waarop vryheid sou...? --- Die begeerte is by die Bantoe woonbuurte, buitekant.

Ja, wat daarvan? --- Daar was ontevredenheid, bv. ek het 10 beeste, dan word daardie 10 beeste my nie toegelaat nie en dan word ons verplig om 5 beeste af te vat, ten minste weg te maak en net 5 te hou.

Wat was die oogmerk, doel of doelstellings van die A.N.C. om hierdie ontevredenheid oor die Bantoe woonbuurte uit te skakel? --- Dit sal ook dieselfde wees as die paste, dit sal ook gevra word aan die Staat om daardie sake te ondersoek dat ons ons tevredenheid dan kan kry.

Enige iets verder? --- As byvoorbeeld toestemming nou nie goedgekeur word nie...

Toestemming van wat? --- Om byvoorbeeld daardie 10 beeste wat ek nou het, as dit nou geweier word dat ons

daardie 10 beeste kan aanou, dan is ek, wat nou daardie 10 beeste het, en hulle nie kan hou nie, dan is my hart baie seer, ek voel nie gelukkig, dan sal ons ook sien dat die Staat nie regverdig met ons werk nie.

Maar jy het reeds gesê daar sal gepoog word om die ontevredenheid uit die weg te rym deur vreedsame onderhandeling met die Regering? --- Ja sover ek weet het die Staat geweier om ons mense te spreek en te help in daardie verband.

Goed, jy het reeds genoem die paste, en Bantoe woonbuurt, was daar enige ander aspekte waaroor die A.N.C. 'n doelstelling sou hê? --- Dan die derde is vir die Bantoe opvoeding.

Enigiets anders? --- Daar is vele andere wat ek nie almal kan meer sê nie.

Nou goed ons laat dit daar. Toe jy aansluit was hierdie dinge aan jou genoem in verband met, ten opsigte waarvan daar ontevredenheid bestaan en die wyse waarop dit uit die weg geruim sou kon word deur die A.N.C.? --- Ja.

Was daar enige sprake van geweld wat sou gebruik word deur die A.N.C. teen die Regering? --- Nie eintlik nie, al wat daar was, was die staking, of ons sou gestaak het dat die Staat kan sien dat ons harte nie tevrede is nie.

Jy sê nie eintlik nie - sou daar geweld gepaard gegaan het saam met die staking? --- Nee daar was geen sprake, en daar was ook niks gepraat van enige geweldpleging nie. Ons wou dit ook nie gehad het nie.

Hoekom sê jy julle wou dit nie gehad het nie, was geweld bespreek op die vergadering? --- Nee.

Toe jy nou aangesluit het by SACTU was jy ook vertel wat SACTU behels? --- Ja dit was aan my verduidelik. Sactu Objects

Wat was verduidelik aan jou? --- Om te kyk na die mense wat werk, die persone wat werk, om hulle beter vooruitsigte te gee by hulle werk, daarna te kyk. Byvoorbeeld

met verlof; daar moet beter verlofvoorwaardes aan ons gegee word, soos die 14 dae en so.

Hoe het dit gekom dat SACTU en die A.N.C. nou saamwerk vir die doelstellings? --- Sover dit my aangaan, ek weet nie hoe dit die ander persone aangegaan het nie, soos byvoorbeeld die leiers nie, as die organisasie van die A.N.C. nou daar is, as die A.N.C. nou byvoorbeeld 'n ooreenkoms bemekaar roep, die Voorsittende beampte van SACTU het dan die reg om by die A.N.C. op daardie vergadering 'n toespraak te gee. En as SACTU nou weer 'n byeenkoms bymekaar roep dan kan hy weer 'n voorsittende beampte van die A.N.C. roep om hulle weer toe te spreek. Toe het ek gesien die twee organisasies sal nie kan saamwerk nie want hulle kom nie ooreen nie.

Wanneer het jy gesien die twee organisasies kom nie ooreen nie? --- Ek dink daar het 'n fout gekom nou, ek die tolk.

Ja? --- Ek verduidelik, ek het gesien dat die twee organisasies nie mooi sal saam kan werk nie watn hulle verstaan nie mekaar nie. Hulle kom nie ooreen met mekaar nie.

Wanneer het jy dit gesien? --- (Tolk: Ek vertolk nog nie reg nie). Die vraag was gestel hoekom werk die twee organisasies saam, ek het toe gesê soos ek dit gesien het - dit is net daar verkeerd - hulle kom ooreen, hulle sal klaarkom omrede die SACTU se voorsittende beampte na die A.N.C. gaan en die A.N.C. se voorsittende beampte na die SACTU gaan, daarom sê ek hulle kom ooreen, hulle sal saam kan werk. Daaroor was ek aan albei kante 'n lid, daar was niks wat pla nie.

Maar is jy oortuig dat die doelstellings van die A.N.C. dieselfde doelstelling is as die van SACTU? --- Ek sal sê ja, daar is verskilletjies gering, maar dit kom op 'n punt waar albei eners is.

Nou ons wil nie weet op watter aspekte almal eners is

nie; kan jy miskien daardie geringe verskilletjies aantoon waarop hulle nie verskil nie? --- Dit is twee organisasies, as daar dan iets sou ontstaan het sou dit net een organisasie gewees het.

Ja ons het reeds dit gehoor maar jy sê daar is geringe verskilletjies in die doelstellings of die werking daarvan? --- Ja soos byvoorbeeld nou as daar iets bespreek word soos 'n staking dan sal die een organisasie instem en die ander een nie, maar op 'n latere punt dan kom altwee bymekaar en hulle kom ooreen om te staak of aldan nie.

Ek sien, ek kom agter wat jy bedoel deur geringe verskilletjies, jy sê in samesprekings mag hulle verskil maar hulle argumenteer met mekaar totdat hulle ooreenkom. --- Ja. As die Hof my sal toelaat wil ek graag iets verduidelik: soos byvoorbeeld die Nasionale Party en die Verenigde Party, die twee partye; die Nasionale Party stem in vir die 90-dae en die Verenigde Party is daarteen, maar tog op die end kom die besprekings en die twee partye kom ooreen dat dit toegestem word of afgekeur word. Dit is wat ek bedoel.

Lees jy baie koerant? --- Ja.

Wat se koerante lees jy? --- Die Daily Mail en die "Star".

Het jy 'n radio in die huis? -- Ek het.

En die voorbeeld wat jy nou gegee het van die Nasionale Party en die Verenigde Party is dit feite wat jy uit een van die nuusbronne ontvang het? --- Ja ek het dit nie alleenlik net in die koerante gelees nie maar ons voorsittende beamptes het ons ook verduidelik hoe die twee saam werk.

Maar jy is dan die Voorsitter, is jy nie die Voorsitter nie? --- Nee daar is nog wat hoër as ek is.

Watter manne is nou hoër as jy in die SACTU? --- Ek

het nou gister gesê "Ndlukulu", dit beteken in die hoofkantoor maar daar is die persone wat hoër is as ek.

Maar in Pretoria, is jy die hoogste man hierso? -- --- Nee, beskuldigde No. 1, hy was 'n bietjie hoër as ek. En toe hy nou in hegtenis geneem is toe is ek nou die hoogste.

Ten opsigte van watter organisasie was hy hoër as jy, SACTU of die A.N.C.? --- Hy was, beskuldigde No. 1, was hoër as ek altans in die SACTU totdat hy verban is; daarvandaan is ek.

Was hy verban ten opsigte van SACTU? --- Sover ek weet was daar 'n byeenkoms by die saal daar by Lady Selborne, en daar het beskuldigde No. 1 die byeenkoms toegespreek. Sover ek toe gehoor het is hy toe verban, beskuldigde No. 1.

Het hy daardie dag so gesê? --- Nee hy het nie, dit is wat ek gehoor het.

Daardie selfde aand toe hy die toespraak lewer? --- --- Ek het gesê daar was 'n byeenkoms van SACTU by 'n saal in Lady Selborne, daar het beskuldigde No. 1 die byeenkoms daar toegespreek, en an 'n week daar het ek gehoor dat hy 'n "Banning Order" gekry het. Ek het toe nie verstaan nie maar ek het toe in my gedagte gekry dat dit deur daardie byeenkoms die vorige week by Lady Selborne was, die toespraak wat hy daar gehou het.

Wanneer was die toespraak gehou? --- Ek kan nie presies onthou of dit in 1961 of wanneer nie maar ek kan dit nie presies onthou nie. Al wat ek weet die byeenkoms by Lady Selborne was voordat beskuldigde No. 1 die "Banning Order" gekry het.

Toe hierdie vergaderings plaasgevind het, min of meer in watter maand van daardie jaar was dit? --- Dit is al 'n hele ruk gelede, ek kan nie meer so goed onthou nie, dit kan moontlik in die begin van 1961 gewees het of van 1962.

As daar 'n SACTU vergadering gehou word, wie sit voor by die vergadering? --- Ek.

En het jy voorgesit by hierdie vergadering? --- Nee 'n persoon van ons hoofkantoor het by daardie vergadering.

Hoekom het jy nie voorgesit by die vergadering nie? -- --- Om rede daar persone gekom het wat hoër as ek is, daaroor het ek nie op die stoel gesit nie.

Hoekom het beskuldigde No. 1 nie voorgesit nie, hy is mos ook hoër as jy? --- Ja maar daar was wat nog hoër as hy was.

Wie was die persoon wat so hoog was wat daar voorgesit het? --- Ek kan nie meer so goed onthou nie want daar was verskeie van hulle gewees, dan is dit die een, en dan word hy verban; as hy verban is dan word daar weer 'n ander een aangestel.

Weet jy of enige lede of enige vorige lede van die A.N.C. uitgenooi was na hierdie vergadering? --- Van die A.N.C?

Ja. --- Ja daar was, as byeenkomste bymekaar geroep word soos daardie, ek is 'n grootman van die A.N.C., hulle sien my daar, hulle weet ook ek is 'n hoof van die A.N.C.

Ken julle A.N.C. manne mekaar almal? --- Ja party van ons ken mekaar. Soos ek nou byvoorbeeld ek ken almal hier.

Jy het gewys na die 6 beskuldigdes voor die Hof? --- Ja die 6 beskuldigdes voor die Hof. Nchabeleng

As wat ken jy hulle? --- Soos byvoorbeeld beskuldigde No. 3, hy was 'n klerk van die winkel, hy het die klerikale werk gedoen van die funksie van SACTU.

Was beskuldigde No. 3 die enigste een wat verbonde was aan SACTU? --- Nee beskuldigde No. 2 ook. → Jackson Ntsoane

Wat was hy van SACTU? --- Kyk, ons is byvoorbeeld 9, hy was ook een van daardie Komitee.

Wat se Komitee? --- SACTU se komitee.

Van die Streekkomitee? --- Streekkomitee.

Wat was hy van die Streekkomitee. Ek dink jy het reeds

in jou getuienis gesê Nchabaleng was die Sekretaris van die Voorsitter van die winkels en kantoorwerkers, ek sal dit daar laat. Beskuldigde No. 3, Nchabaleng, is dit soos ek dit verstaan, No. 2 is Ntsoane? -- No. 2 is Ntsoane.

Wat was hy van die Streekkomitee? --- Beskuldigde No. 3 was nie in die Streekkomitee gewees nie; wat in my Streekkomitee gewees het is beskuldigde No. 2.

Wat was hy in jou Streekkomitee? --- Hy was 'n lid in die Streekkomitee van my.

DEUR DIE HOF: Die Komitee wat uit 9 bestaan het? --- Ja dit is 4 voorsittende beamptes en dan nog die ander, ons is altesaam 9 en beskuldigde No. 2 was ook een van die 9.

DEUR DIE AANKLAER: Jy verwys na jou Streekkomitee, was daar meer as een Streekkomitee van SACTU? --- Bedoel u was daar meer dan myne, as my Streekkomitee?

Ja, behalwe die Streekkomitee van jou nou? --- Nie in Pretoria nie, in Johannesburg.

Was dit die enigste Streekkomitee in Pretoria, waarvan jy die Voorsitter was? --- Ja.

Was julle hoofkantoor in Johannesburg? --- Ja.

Ek wil dit net duidelik kry, beskuldigdes 2 en 3, was dit twee van die beskuldigdes wat verbonde was aan SACTU? --- Nee, net beskuldigde No. 2. Daar is nog ander kleinere byeenkomste gewees - nee ek sal nie sê byeenkomstes nie, Komitees gewees waar beskuldigde No. 3 aan behoort het. Hulle was sulke verskillende klein komitees. Dit is die kleiner komitees van die 5 plekke wat ek genoem het. Beskuldigde No. 3 het al die klerikale werk gedoen, die kantoorwerk van die winkels ens. maar hy was nie in die Streekkomitee nie.

Maar om dit wyer te stel, beskuldigdes 2 en 3, was hulle die enigste twee van die 6 beskuldigdes wat verbonde was aan SACTU, in watter hoedanigheid ookal? --- Nee No. 1 ook. Hy was ook.

Wat was hy van SACTU? --- Hy was toe nog hoër as ek,

dit is voordat hy verban is, toe na dit het ek die hoof gewoord.

Wat was sy posisie gewees in SACTU? --- Soos byvoorbeeld ek het alle gelde gekollekteer in Pretoria, dan word dit aan hom beskuldigde No. 1 oorhandig, en hy het dit dan oorgeneem na ons hoofkantoor, soos byvoorbeeld ek nou al die gelde kollekteer en dit oorneem na die hoofkantoor.

Van wanneer tot wanneer het beskuldigde No. 1 daardie funksie verrig? --- Ek het aangesluit in 1959, ek kan nie meer onthou watter maand nie, toe was beskuldigde al daar, No. 1, tot in 1960, het ek aan hom gelde oorhandig dat hy dit moet oorneem na die hoofkantoor.

Toe hy nou die "Banning Order" kry toe het jy sy plek gevat? --- Ek het dit nie myself aangeneem nie, ek is gekies deur die hoër beamptes om sy plek in te neem.

Nadat jy gekies was, het jy toe sy plek gevul? --- --- Ja want ek is toe die hoofbeampte hier in Pretoria.

Van SACTU? --- Ja.

En van wanneer af is jy hoofbeampte van SACTU? --- Ek kan nie meer so goed onthou nie maar dit is ongeveer daar in Aprilmaand 1961.

1961 of 1962? --- Daarom het ek reeds aan die Hof gesê ek is nie meer so seker of dit 1961 is of 1962 toe beskuldigde 1 verban is nie.

Maar sal jy dan sê vanaf hy verban is, daarvandaan is jy die hoofbeampte van SACTU, Pretoria? --- Dit is so.

En is jy vandag ook nog hoofbeampte van SACTU? --- --- Ek het alreeds verduidelik dit is heeltemal uitmekaar die organisasie. Maar sover ek weet is ek nog steeds die hoof daarvan, die hoofbeampte want daar was toe nog nie weer 'n byeenkoms om miskien iemand anders te verkies of iets anders nie, sover ek weet is ek nog steeds die hoofbeampte.

Sal ons dan sê vanaf die datum, wanneer dit ookal was, dat beskuldigde 1 verban is of 'n beperkingsbevel gekry het

daarvandaan was jy die Voorsitter en die hoofbeampte van SACTU? --- Ja.

Toe die vergadering in Lady Selborne plaasgevind het was jy toe voorsitter en hoofbeampte van SACTU? --- Bedoel u was ek of beskuldigde No. 1?

Was jy die voorsitter en die hoofbeampte? --- Wat my bietjie deurmekaar maak, ek is gekies as die hoofbeampte, die voorsittende beampte hier in Pretoria en ek is toe ook weer gekies in die Streekkomitee ook as die hoofbeampte. Op daardie stadium weet ek nie of ek voorsittende beampte was van SACTU of Domestic Workers' Union gewees het nie.

Wie was voor jou voorsitter van SACTU? --- Hier in Pretoria?

Ja? --- Daar was nie so 'n organisasie gewees nie dit het met ons begin, daar was klein komitees gewees en hulle het ook hulle voorsittende beamptes gehad. Op daardie stadium was ek ook die voorsittende beampte van daardie verskillende klein komitees.

Was jy die eerste voorsitter van SACTU in Pretoria? --- --- Ja.

En was Phiri miskien die eerste Sekretaris daarvan? --- Ek was die voorsittende beampte gewees, nie die Sekretaris, die man wat die klerikale werk doen, Makra Phiri.

Ja, was hy die eerste een? --- Hy was die eerste een.

En was Gadebe die eerste Tesourier? --- Ja.

Ken jy vir Masemula? --- Wat is die voornaam?

Ek ken hom net by die van - Jan Masemula? --- Daar is baie Masemulas, as ek hom sien dan sal ek die Hof kan sê of ek hom ken.

Ken jy Jan Masemula? --- Ek ken Jim Masemula.

Ja en is hy verbonde aan SACTU? --- Ja maar nie van die Streek nie, van die kleiner komitees was hy 'n lid.

Hy is lid van watter Komitee? --- Die Domestic

Workers' Union en ook die Shop and Offices.

Ek wil hê jy moet agter in die Hof kyk, kyk of jy so 'n persoon ken met die naam van Jim Masemula? --- Dit is hy (dui aan persoon Jim Masemula) dit is die persoon na wie ek verwys.

Hy was lid van die kleiner Komitee wat onder SACTU gesorteer het? --- Ja maar op daardie stadium was die organisasie SACTU nog nie daar gewees nie, dit was maar nog kleinere organisasies.

Toe was daar nog nie 'n organisasie bekend met die naam van SACTU nie? --- Nee hy was toe al daar. Ek bedoel toe was daar nog nie 'n Streekkomitee van SACTU nie.

Het SACTU toe nou volle lewe gekry en uitgesprei na die A.N.C. verban was of voor dit verban was? --- Soos ek verstaan het is dit al van 1917 af maar ek het daarby aangesluit in 1959.

Ja maar jy het nou vertel hoe dat die ontwikkeling daarvan ontstaan het, daar was eers klein komiteetjies en later het dit groter geword; op watter stadium het dit nou werklikwaar heeltemal ontwikkel en uitgesprei? --- U meen die hele SACTU organisasie?

In Pretoria ja? --- Of net die Streek?

Die hele SACTU in Pretoria? --- Die hele Republiek?

Wel as jy bekend is met die feite van die hele Republiek? --- Soos ek weet, as ek nie verkeerd het nie van 1954, toe is dit nou gestig, die organisasie van SACTU. Maar ek het toe nog nie daar aangesluit nie, ek het dit net in die koerante gelees. En ek het ook gesien in die koerante wat die mening daarvan is, die werke ens.

En na die A.N.C. verban is het SACTU sterker geword of het dit swakker geword? --- Ja want toe het daar ook later 'n Streekkomitee in Pretoria ontstaan want daar was nie een gewees. Hy het sterker geword.

Na die verbanning van die A.N.C.? --- Ja.

Hoedanig sterker? --- Hy het taamlik versterk, daar het baie lede aangesluit.

Wat was die houding van die destydse A.N.C. lede met die aansluiting by SACTU? --- Soos ek reeds verduidelik het dit was 'n hele paar klein Komitees gewees.

Nee, kyk A.N.C. is nou verban, het baie van die A.N.C. lede wat nou behoort het aan A.N.C. aangesluit by SACTU? --- Baie.

Sal jy kan sê almal of net gedeelte van die lede? --- Die kleinere komitees sin sal ek nie kan sê nie want ek ken hulle nie so goed nie, daar is wat ek ook nie ken nie, maar die van ons hoofkantoor het almal aangesluit, sover ek weet.

Weet jy hoekom dat hulle nou aansluit nou dat A.N.C. in die ban gedoen is? --- Om rede alle dinge wat ons gevra het in die A.N.C. geweier is. Hulle harte was seer, hulle was ontevrede.

Maar wat het dit nou die mense oorreed om aan te sluit by SACTU? --- Al wat daar dan nog oorgebly het vir ons om nog te probeer is die SACTU, laat ons kyk of ons nie daardeur dan ons tevredenheid en regverdigheid kan kry nie.

Maar voordat die A.N.C. in die ban gedoen is het die SACTU nie dieselfde dinge aangevra om julle tevrede te stel nie? --- Op watter tyd bedoel u?

Tot op 'n stadium omiddellik voor die A.N.C. verban is, het SACTU nie dieselfde regte probeer aanvra wat die A.N.C. wou aanvra nie? --- Voor hy verban is?

Ja tot op datum van verbanning? --- SACTU is die organisasie wat vir die Werkersunie, sal ek sê, moet help.

Ja maar jy sê die A.N.C. manne het dinge aangevra, hulle was geweier en hulle hart was seer, nou sluit hulle aan by SACTU. Kyk as SACTU nie die dinge ook beveg het wat die A.N.C. se harte oor seer was nie, hoekom sou hulle

aansluit? --- Ek sal daar 'n verduideliking gee: toe die twee organisasies, twee partye nog bestaan het, ek was die hoof gewees daar; ek het mense aangesê om in die organisasie in te tree soos ek om almal saam te stem, maar toe is dit verban en ons almal so gelaat sonder enige hulp.

Die A.N.C. is toe verban.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT:

GETUIE NOG ONDER EED:

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER (voortgesit): Voor die tee tyd was jy nog besig om aan ons te verduidelik hoekom dat die mense, die A.N.C. wat verban is, wat hartseer was, hoekom het hulle aangesluit by SACTU? --- Ek myself, ek kan nie vir andere sê nie, ek was toe verbaas hoekom die Republiek of Staat nie dan ook die SACTU verban het nie.

Hoekom was jy daaroor verbaas? --- Omrede dit een ding was.

Ek dink nie SACTU het die onwettige oogmerke gehad wat die A.N.C. sou gehad het nie? --- Kan u miskien net herhaal.

Hy sê hy is verbaas dat die Regering SACTU nie ook verban het nie want SACTU was net so dieselfde organisasie, maar het SACTU nie miskien hom teruggehou van onwettige dinge wat die A.N.C. beoog het nie? --- Ja kyk nou ek het 'n "Banning Order" van SACTU, nie ek alleen nie maar alle andere hoofde sowel. By my wys dit nou so dat dit een ding is.

Ja maar vergeet nou van die "Banning Order" wat jy van praat wat jy nou het, ek wil my net beperk by doelstellings en oogmerke van die A.N.C. en toe dit verban is, en toe die verdere doelstellings en oogmerke van SACTU, nadat A.N.C. onwettig verklaar is? --- Alle werke, alle verrigtinge?

Doelstellinge en oogmerke? --- Soos ek dit by myself sien het SACTU toe alles op homself geneem, al die verrigtinge

**Collection Number: AD1901**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.